



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 80

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.
- As 'n taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien 'n spelfout die betekenis van 'n eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering 'n JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...
 - by vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks ook in sinsverband, sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) gevra na.
 - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

VRAAG 1**TEKS A: PRAKTIESE EKSAMENWENKE IN SPELETJIEVORM**[Verwerk uit: <http://www.jip.co.za>]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.1	<ul style="list-style-type: none"> • Jy moet hard studeer/leer/werk. • Jy moet gesond eet. • Jy moet ontspan. (Enige TWEE)	2	2	1	1
1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Deur in jouself te glo. • Pak jou studies met vertroue aan. • Jy moet selfvertroue hê. (Enige EEN)	1	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.3	<ul style="list-style-type: none"> • (’n Eksamen en ’n monster) maak leerders bang/vreesbevange/laat jou skrik/laat jou stres. • (’n Eksamen en ’n monster) gee nagmerries/is die onbekende. (Enige EEN of soortgelyk wat ’n negatiewe emosie/eienskap uitbeeld.) 	1	2	1	2
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Ek/Jy is nie goed genoeg nie. • Ek/Jy het nie hard genoeg geleer nie. • Ek/Jy is dom. • Ek/Jy gaan druij. (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.5	A	1	2	1	2
1.6.1	Feit	1	2	2	3
1.6.2	“Navorsing het bewys” (DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE) (Sien na soos WAAR/ONWAAR)	1	2	2	3
1.7	<ul style="list-style-type: none"> • Dit dui aan dat daar nog meer gesê gaan word (oor breinkos). • In blokkie 6 volg meer inligting (oor breinkos). • Dit laat die leser dink/wonder (wat volgende gesê gaan word) (oor breinkos). • Dit lei die leser na die volgende paragraaf. (Enige EEN of soortgelyk) 	1	2	2	3
1.8	<ul style="list-style-type: none"> • (Dit gee jou brein) energie/krag/skop/ ’n hupstoot. • Dit laat jou (brein) vinniger/beter werk./Fokus. (Of soortgelyk. Die klem val op beter funksionering.) 	1	2	1	2
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Dit maak jou brein moeg. • Dit put jou brein uit. (Enige EEN) 	1	2	1	1
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Dit maak nie jou brein moeg nie. • Jou brein kan meer inneem. (Enige EEN) 	1	2	1	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.10.1	<ul style="list-style-type: none"> (Ten minste) agt (uur per nag). 8 (Enige EEN)	1	2	1	1
1.10.2	Die uil (diertjie/voël) is 'n nagdier/slaap nie snags nie. (Of soortgelyk)	1	2	2	3
1.11	<ul style="list-style-type: none"> Om krampe te voorkom. Om jou handspiere sterk te hou. (Enige EEN)	1	2	1	1
1.12	“Diep asemhaling” (TWEË OPEENVOLGENDE WOORDE)	1	2	1	1
1.13.1	Figuurlik	1	2	2	2
1.13.2	<ul style="list-style-type: none"> Die woord “warm” verwys na 'n moeilike situasie (binne die konteks van die eksamen). Jy verkeer onder druk/beleef stres (in die eksamenlokaal). Die woord “warm” verwys na die situasie waar jy eksamen skryf en weergee wat jy geleer het. (Of soortgelyk - die woord “warm” moet 'n figuurlike betekenis verduidelik.) (Sien na soos WAAR/ONWAAR) 	1	2	2	2
1.14	<ul style="list-style-type: none"> Dit verskaf genot om te lees/speel. Dit wek meer belangstelling. Dis makliker om te lees. Jy verstaan dit beter/dit is interessanter/dit behou jou aandag. Jy onthou dit beter. (Of soortgelyk)	1	2	1	3
1.15	<ul style="list-style-type: none"> Die media probeer help. Dit wil leerders help voorberei vir die eksamen. Dit is 'n belangrike onderwerp. Dit gee raad aan leerders hoe om te leer. Dit is 'n poging om die uitslae te verbeter. Dit wil leerders motiveer. Dit neem die eksamenvrees weg. (Of soortgelyk)	1	2	1	3
SUBTOTAAL: 20					

TEKS B: SENSUS					
[Verwerk uit: <i>Huisgenoot</i> , 15 November 2012]					
VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
1.16	<ul style="list-style-type: none"> • Formeel • Formele (EEN WOORD) 	1	2	3	1
1.17	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is nie sekerheid oor waar hulle woon nie. • Hulle het nie wonings nie. • Hulle is straatmense. (Enige EEN) 	1	2	3	2
1.18	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is nou meer huishoudings met elektrisiteit. • Die getal huise met elektrisiteit het vermeerder. • Meer mense het nou toegang tot elektrisiteit. • Daar is 'n toename van 15% in elektrisiteitsvoorsiening (aan huishoudings). (Enige EEN) (Pyltjie dui op toename (1 punt). Kandidaat moet die implikasie uitlig (2de punt). 	2	2	2	2
1.19	<ul style="list-style-type: none"> • 73,4 (%) • 73,4 persent (Enige EEN) 	1	2	3	1
1.20	1,2 miljoen (huise)	1	2	1	1
1.21	'n Mens assosieer koeke met ouderdom/verjaarsdae/ouer word/verjaarsdagkoek. (simboliek van koeke)	1	2	3	2
1.22	Limpopo	1	1	1	2
1.23	<ul style="list-style-type: none"> • Dis makliker om die feite te verstaan/te verduidelik/te ondersteun. • Dit trek jou aandag. (TWEË redes of soortgelyk) 	2	2	3	3
SUBTOTAAL: 10					
TOTAAL AFDELING A: 30					

AFDELING B: OPSOMMING**ALGEMEEN**

- Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 75 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.
- Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
 - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
 - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Direkte aanhalings is toelaatbaar.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Nasieners tel die getal woorde indien die opsomming te lank lyk.
- Indien die kandidate se opsomming te lank is (meer as 70 woorde), word 5 ekstra woorde toegelaat en die res van die opsomming word nie nagesien nie.
- Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.
- Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

ALGEMEEN**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal):**

Feit	7
Taal	3
=	10

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE:

Die hoofgedagte kan in 'n volsin of in 'n sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.	PUNTE
1–3 feite korrek	1
4–5 feite korrek	2
6–7 feite korrek	3

VRAAG 2**TEKS C: MAAK NUWE VRIENDE!**[Verwerk uit: www.jouwêreld.co.za]

Direkte aanhaling	Moontlike verwerking
<p>Dit is nooit maklik om nuwe vriende te maak nie. Hier is 'n paar praktiese wenke wat jou hiermee kan help.</p> <p>Jy moet uitgaan om nuwe vriende te ontmoet, want as jy net voor die televisie sit, sal jy nie vriende ontmoet nie. Sluit by klubs op jou tuisdorp aan waar daar ander mense is wat jou belangstellings deel.</p> <p>Reis laat nuwe wêreld vir jou oopgaan. Deur vreemde plekke te besoek, sal jy ook nuwe vriende ontmoet. Beweeg 'n bietjie uit jou gemaksones en doen nuwe dinge, soos om kursusse by te woon. Daar kan jy met nuwe vriende in aanraking kom.</p> <p>Registreer op een van die sosiale netwerke op die Internet en ontmoet só nuwe vriende. Wees net baie versigtig om nie by die verkeerde mense betrokke te raak nie.</p> <p>As jy vreemde mense raakloop, begin jou gesprek met 'n kompliment oor iets positiefs wat jy in 'n ander persoon raaksien. Alle mense hou daarvan om gekomplimenteer te word.</p> <p>'n Mens wil so graag ontvang, maar dit is eers wanneer jy gee dat jy die grootste vriende sal maak. En wat moet jy gee? Jou tyd, jou energie of jou aandag. Dit hoef nie materiële dinge soos duur geskenke te wees nie.</p> <p>As jy positief is, trek jy mense na jou toe aan. Niemand hou van negatiewe mense nie. Met 'n positiewe houding sal jy nooit 'n tekort aan vriende hê nie.</p> <p>Jou vermoë om van vreemde mense vriende te maak, laat jou as mens groei en gee vir jou nuwe geleenthede om jou vriendekring uit te brei.</p>	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gaan uit (om nuwe vriende te ontmoet). 2. Sluit by klubs aan (om mense met dieselfde belangstellings te ontmoet). 3. Reis (om vriende te ontmoet)./ Besoek vreemde plekke (om vriende te ontmoet). 4. Beweeg uit jou gemaksones./Doen nuwe dinge. 5. Registreer op sosiale netwerke./Jy kan nuwe vriende deur sosiale netwerke op die Internet ontmoet. 6. Begin jou gesprek met 'n vreemde mens met 'n kompliment. 7. Gee van jouself./ Gee jou tyd, energie of aandag. 8. Positiewe trek mense aan./ 'n Positiewe houding help jou om vriende te maak.
TOTAAL AFDELING B: 10	

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

- Spelling moet korrek wees om punt te verdien.
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie.

SINSTRUKTURE

- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Matriekleerlinge • Matrieks • Graad 12-leerlinge/-studente • Leerders wat 'n matriekafskeid gaan bywoon (Enige EEN) (Spelling tel nie) 	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die teiken van die advertensie kan identifiseer.	2
3.2	beste	1	4	1: Gee trappe van vergelyking korrek.	1
3.3	mansklerre	1	4	1: Gee een woord vir 'n omskrywing korrek.	1
3.4	<ul style="list-style-type: none"> • Hare en skoonheid word (deur ons) bespreek. • Hare en skoonheid word bespreek (deur ons). (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik passiewe vorm korrek.	2
3.5	wonderlike	1	4	2: Gebruik byvoeglike naamwoord korrek.	1
3.6	<ul style="list-style-type: none"> • D • D vertoning • vertoning (Enige EEN) 	1	4	1: Vertaling van Engels na Afrikaans.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
3.7	<ul style="list-style-type: none"> Dit word in hoofletters geskryf. Die inligting word in 'n ster geplaas. Dit word vetgedruk. Dit is verniet. Jy is nuuskierig om te gaan kyk hoekom dit gratis is. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die visuele aanbieding van 'n advertensie kan interpreteer.	3
3.8	Jy kan pryse wen. (Nie 'n uitroepteken na sin nie. Die punt moet aan die einde van die sin wees)	1	4	2: Verander 'n vraagsin na 'n stelsin.	1
3.9	<ul style="list-style-type: none"> Dit betrek die leser direk. Om die leser deel te maak van die koerant <i>Beeld</i>. Dit maak dit persoonlik. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die slagspreuk korrek kan interpreteer.	3
3.10	<ul style="list-style-type: none"> (Die verskillende lettertipes) trek die leser se aandag. Dit maak die advertensie interessant. (Die verskillende lettertipes) laat die leser op die belangrike inligting van die advertensie fokus. (Of soortgelyk)	1	4	6: Advertensietegniek. Om te bepaal of die leerder die doel van die advertensie verstaan.	3
SUBTOTAAL: 10					

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**[Uit: *Beeld*, 15 November 2012]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.1	stereotipeer (Spelling tel)	1	4	2: Identifiseer stereotipering.	2
4.2	verbaas	1	2	1: Woordeskat. Lei betekenis van beelde, ens. af.	2
4.3	<ul style="list-style-type: none"> Die dogter is onbetrokke. Die dogter distansieer haar Die dogter stem nie saam met haar ma nie. (Enige EEN of soortgelyk)	1	2	3: Interpreteer liggaams-taal.	2

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
4.4	Helga werk 24 uur per dag; daarom is sy 'n voorbeeld vir haar dogter. (Kommapunt wat ontbreek, word nie gepeenaliseer nie)	1	4	2: Verbind sinne korrek.	2
4.5	Sy het 24 uur per dag gewerk .	1	4	2: Gebruik verlede tyd korrek.	2
4.6	B	1	4	1: Gebruik die vaste uitdrukking korrek.	2
4.7	onsuksesvol	1	4	1: Gebruik antonieme gepas.	1
4.8	In raampie 2 kan 'n mens sien dat die klere nog nat is, want <ul style="list-style-type: none"> • daar is waterdruppels. • die klere hang aan die draad. • 'n mens kan sien hoe Helga die wasgoed was. • dit kom nou net uit die water uit. (Of soortgelyk) (Die kandidaat moet die sin oorskryf en dan voltooi.)	1	4	3: Identifisering van strokiesprenttegnieke.	2
4.9	lewensles	1	4	1: Gebruik samestelling korrek.	1
4.10	<ul style="list-style-type: none"> • Dit beklemtoon Helga se woorde. • Dit is 'n uitroep. • Dit bring die humor in die strokiesprent uit. • Haar emosie agter die woorde word so uitgelig. • Dit druk haar frustrasie uit. • Dit wys dat haar stemtoon styg. (Enige EEN of soortgelyk)	1	4	3: Identifiseer gebruik van leestekens in visuele tekste.	3
SUBTOTAAL:		10			

VRAAG 5**TEKS F: ARTIKEL EN PRENT: INTERESSANTE FEITE OOR HONDE EN KATTE**[Verwerk uit: *Kids*, Julie 2011]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.1	interessante	1	4	1: Identifiseer spelfout en skryf korrek oor.	1
5.2	<ul style="list-style-type: none"> Dierenavorsing is deur Johnna Rizzo gedoen. Dierenavorsing is gedoen deur Johnna Rizzo. (Enige EEN) 	1	4	2: Gebruik passiewe vorm gepas en korrek.	2
5.3	<ul style="list-style-type: none"> Sy het gesê: "Diere is die wonderlikste onderwerp om te bestudeer." "Diere is die wonderlikste onderwerp om te bestudeer," het sy gesê. (1 punt vir leestekens en 1 punt vir korrekte woordorde – sin moet "het gesê" bevat.) 	2	4	2: Gebruik direkte rede korrek.	3
5.4	bv.	1	4	1: Gee die korrekte afkorting.	1
5.5	Voorbeeld: <ul style="list-style-type: none"> Chinese eet baie rys. My hare/die deeg rys. (Of soortgelyk) (Woordbetekenis moet reg toegepas word. Woordorde word nie gepenaliseer nie.) 	1	4	1: Gebruik homofoon korrek in 'n sin om betekenis weer te gee.	1
5.6	<ul style="list-style-type: none"> le-wens le/wens le'wens le wens (Enige EEN)	1	4	1: Verdeel korrek in lettergrepe.	2
5.7	<ul style="list-style-type: none"> Honde sal soms water uit toiletbakke drink. Honde gaan soms water uit toiletbakke drink. Honde sal soms water drink uit toiletbakke. Honde gaan soms water drink uit toiletbakke. (Enige EEN) (soms kan voor of ná water staan) 	1	4	2: Gebruik toekomstige tyd korrek.	1

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.8	koeler	1	4	1: Gebruik trappe van vergelyking korrek.	2
5.9	bome	1	4	1: Gebruik meervoud korrek.	2
5.10	Niemand moet hierdie mite glo nie.	1	4	2: Gebruik ontkennde vorm korrek.	1
5.11	Jy hoef nie bekommerd te wees as jou kat se hart twee keer vinniger as joune klop nie.	1	4	2: Gebruik onbepaalde wyse soos infinitief. Hoef nie+te+ww	1
5.12	katjies	1	4	1: Gebruik verkleiningsvorm korrek.	2
5.13	manneling	1	4	1: Gebruik geslag korrek.	1
SUBTOTAAL:		14			

VRAAG 5**TEKS G: PRENT**[Uit: *Vrouekeur*, 6 November 2009]

VRAAG	MEMORANDUM	PUNT	LU	AS	DENK-VLAK
5.14	muisies	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.15	pikswart	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	3
5.16	bottoe	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.17	almanak	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	1
5.18	muurprop	1	4	2: Identifiseer woordeskat korrek.	2
5.19	Die kind spring oor die draad./Die kind huil oor sy ma. (Of soortgelyk)	1	4	2: Gebruik voorsetsels korrek.	3
SUBTOTAAL:		6			
TOTAAL AFDELING C: 40					
GROOTTOTAAL: 80					



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2013

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Leesbegrip (VRAAG 1)	(30)
AFDELING B:	Opsomming (VRAAG 2)	(10)
AFDELING C:	Taal (VRAAG 3, 4 en 5)	(40)

2. Lees AL die instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na ELKE antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: ARTIKEL**

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

PRAKTIESE EKSAMENWENKE IN SPELETJIEVORM


Voor elke eksamen sê jou ouers en onderwysers gewoonlik vir jou dat jy hard moet studeer, gesond moet eet en ontspan.

Maar hoe doen jy dit? Hier is 'n hele klomp praktiese wenke wat jou sal help om die eksamen speel-speel te slaag.

BEGIN

<p>1. SPRING SÓ WEG!</p> <p>Werk hard: Almal wil jou laat glo dat daar niks moeiliker as matriek is nie. Dis nie die volle waarheid nie! As jy hard werk, kan jy suksesvol wees.</p> <p>Maak tyd om te ontspan: Monitor jou stres, rus genoeg en ontspan as die studies vir jou te veel raak.</p> <p>Stel jou plan van aksie op: Stel 'n hersieningsprogram op en bly daarby. Stel vir jou daaglikse doelwitte om te bereik.</p> <p>Niemand kan jou so goed help soos jyself nie!</p>	<p>2. GLO IN JOUSELF!</p> <div style="text-align: center;">  </div> <p>As jy in jouself glo, sal jy jou studies met vertroue aanpak en dan kan jy die eksamenmonster maklik oorwin.</p>	<p>3. BLY POSITIEF!</p> <p>Dink jy voor 'n eksamen jy is nie goed genoeg nie?</p> <p>Skakel daardie negatiewe stemmetjie af!</p> <p>Uit met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ek het nie hard genoeg geleer nie! • Ek is dom! • Ek gaan druipe! <p>In met:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ek het gedoen wat ek kon! • Ek werk hard! • Ek ken die werk! • Ek gaan my bes doen! • Ek gaan sukses behaal!
---	---	--





<p>6. BREINKOS</p> <p>As jy moeg voel, drink 'n melkdrankie wat bestaan uit:</p> <p>1 koppie melk 1 koppie gemengde bessies 1 teelepel heuning</p> <p>Gee jou brein woema met 'n handvol amandels, neute, sonneblomsade en gedroogde appels wat jy orals in 'n sakkie saam met jou kan neem.</p>	<p>5. DRINK GENOEG WATER!</p>  <p>Moenie jou brein laat uitdroog nie. Drink baie water wanneer jy leer – dan dink jy helderder en dan stres jy minder.</p> <p>Navorsing het bewys net 1 glas water voor 'n toets laat 'n mens 33% beter vaar.</p> <p>Moenie net op water staatmaak nie. Jy het ook breinkos nodig ...</p>	<p>4. HET JY GEWEET?</p> <p>As jy jou brein wil stimuleer, moet jy 'n kombinasie van proteïene, koolhidrate en vet eet, byvoorbeeld 'n appel en kaas of brood met ham en kaas.</p>
---	---	--



<p>7. STUDEER SÓ:</p> <p>Moenie té lank intensief studeer nie, want dit is uitputtend vir jou brein. Leer eerder in kort sessies. Jou brein sal op hierdie manier meer inneem.</p>	<p>8. KRY GENOEG SLAAP!</p>  <p>Moenie dink dit sal jou help as jy dwarsdeur die nag studeer nie.</p> <p>'n Leerder moet ten minste agt uur per nag slaap.</p>	<p>9. OEFEN!</p> <p>Oefen jou handspiere gereeld om krampe te voorkom. Net soos enige spier in jou lyf, het jou handspiere ook oefening nodig. Deur die regte oefeninge te doen, kan jy jou handspiere sterk hou.</p>  <p>Oefening is ook goed as jy voel jou kop wil bars. Doen byvoorbeeld tien opstote of gaan stap om die blok.</p>
---	---	--







<p>12.</p> <p>Tot siens, stres</p>  <p>Hallo, sukses!</p>  <p>EINDE!</p>	<p>11. IN DIE WARM STOEL!</p> <p>Die vraestel lê oop voor jou, maar jy dink jy verstaan nie die vraag nie.</p> <p>Jou brein staan stil. Wat nou?</p> <p>Haal 'n paar keer diep asem, lees die eksamenvraag oor en oor. Maak 'n paar notas om jou brein te aktiveer en kom later terug na die vraag toe. Moenie by een vraag vashaak nie!</p> <p>PROBEER OOK DIE VOLGENDE:</p> <p>Onthou. Los die negatiewe gedagtes.</p> <p>Ontspan. Sit agteroor. Haal 'n paar keer diep asem. Maak jou oë toe en fokus op jou asemhaling totdat jy kalmer voel.</p> <p>Probeer weer. Probeer weer die vraag as jy rustig is of kom later terug na die vraag toe. Bly kalm en jy sal onthou wat jy geleer het. Motiveer jousef en sê: "Een klein vragie gaan my nie laat moed opgee nie!"</p>	<p>10. ASEMHALING</p> <p>Wanneer jy studeer of eksamen skryf, is diep asemhaling belangrik.</p> <p>Onthou hierdie oefeninge wat jou sal help:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Sit jou hand op jou maag, haal diep asem en asem dan stadig uit. • Voel die asemhaling onder in jou maag. • Doen dit omtrent tien keer of totdat jy ontspanne voel. <p>Diep asemhaling is soos 'n energiedrankie vir jou lyf en brein!</p> <p>Sug van verligting. As jy 'n paar keer na mekaar diep sug, sal jy dadelik ontspan. Só sal jy beter kan konsentreer, alle feite onthou en 'n goeie eksamen beleef.</p>
---	--	---

- 1.1 Noem TWEE wenke wat ouers en onderwysers gewoonlik voor 'n eksamen vir jou gee. (2)
- 1.2 Hoe kan jy die eksamenmonster maklik oorwin? (Blokke 2) (1)
- 1.3 Wat is die ooreenkoms tussen 'n eksamen en 'n **monster**? (1)
- 1.4 Noem EEN spesifieke ding wat jou negatiewe stem vir jou sê. (Blokke 3) (1)
- 1.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- “Ek gaan sukses behaal!” (blokke 3) beteken dat jy ...
- A positief oor jouself voel.
B te veel van jouself dink.
C twyfel of jy suksesvol gaan wees.
D wonder of jy suksesvol gaan wees. (1)
- 1.6 Een glas water voor 'n toets laat 'n mens 33% beter vaar. (Blokke 5)
- 1.6.1 Is die stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 deur DRIE opeenvolgende woorde uit blokke 5 aan te haal. (1)
- 1.7 Wat is die rede vir die gebruik van die stippels aan die einde van blokke 5? (1)
- 1.8 Sê wat die woord “**woema**” (blokke 6) beteken. (1)
- 1.9 Sê watter effek elk van die volgende studiesessies op die brein het:
- 1.9.1 'n Lang, intensiewe studiesessie (1)
- 1.9.2 'n Kort studiesessie (1)
- 1.10 Leerders moet genoeg slaap. (Blokke 8)
- 1.10.1 Hoeveel uur per nag word as “genoeg slaap” vir leerders beskou? (1)
- 1.10.2 Waarom vorm die prentjie 'n kontras met die stelling? (1)
- 1.11 Waarom moet jy jou handspiere gereeld oefen? (1)
- 1.12 Watter “energiedrankie” het jou lyf en brein tydens studie nodig? Haal TWEE opeenvolgende woorde uit blokke 10 aan. (1)

- 1.13 “In die **warm** stoel!” (Blokkie 11)
- 1.13.1 Word die woorde “**warm** stoel” LETTERLIK of FIGUURLIK gebruik? (1)
- 1.13.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.13.1 deur te verduidelik wat in hierdie konteks met **warm** bedoel word. (1)
- 1.14 Waarom is dit effektief om ’n artikel in hierdie vorm aan te bied? (1)
- 1.15 Hoekom, dink jy, verskyn daar jaarliks soveel artikels oor eksamenwenke in die media? (1)

TEKS B: SENSUS

Bestudeer die statistiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 15 November 2012]

- 1.16 Watter woord beskryf die soort huis waarin die meeste Suid-Afrikaners woon? (1)
- 1.17 Hoekom word 'n vraagteken gebruik om aan te dui waar 0,9% van die mense woon? (1)
- 1.18 Wat impliseer die pyltjie in die gloeilamp? (2)
- 1.19 Watter persentasie van Suid-Afrika se mense hoef nie hulle water huis toe te dra nie? (1)
- 1.20 Hoeveel huise in die land is sonder lopende water? (Nie persentasie nie) (1)
- 1.21 Hoekom word **koeke** gebruik om die verskillende ouderdomsgroepe aan te dui? (1)
- 1.22 Watter provinsie het die grootste werkloosheidsprobleem in Suid-Afrika? (1)
- 1.23 Waarom is die gebruik van prentjies in hierdie sensusartikel so effektief? Gee TWEE redes. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: MAAK NUWE VRIENDE!**

In die artikel hieronder word wenke gegee oor hoe om nuwe vriende te maak. Lees hierdie artikel aandagtig deur. Voer dan die instruksies hieronder uit.

INSTRUKSIES

1. Som die sewe **wenke** in SEWE sinne op.
2. Skryf die feite PUNTSGEWYS neer.
3. Nommer die sinne van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
5. Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C: MAAK NUWE VRIENDE!

Dit is nooit maklik om nuwe vriende te maak nie. Hier is 'n paar praktiese wenke wat jou kan help.

Jy moet uitgaan om nuwe vriende te ontmoet, want as jy net voor die televisie sit, sal jy nie vriende ontmoet nie. Sluit by klubs op jou tuisdorp aan waar daar ander mense is wat jou belangstellings deel.

Reis laat nuwe wêreld vir jou oopgaan. Deur vreemde plekke te besoek, sal jy ook nuwe vriende ontmoet. Beweeg 'n bietjie uit jou gemaksones en doen nuwe dinge, soos om kursusse by te woon. Daar kan jy met nuwe vriende in aanraking kom.

Registreer op een van die sosiale netwerke op die Internet en ontmoet só nuwe vriende. Wees net baie versigtig om nie by die verkeerde mense betrokke te raak nie.

As jy vreemde mense raakloop, begin jou gesprek met 'n kompliment oor iets positiefs wat jy in 'n ander persoon raaksien. Alle mense hou daarvan om gekomplimenteer te word.

'n Mens wil so graag ontvang, maar dit is eers wanneer jy gee dat jy die grootste vriende sal maak. En wat moet jy gee? Jou tyd, jou energie of jou aandag. Dit hoef nie materiële dinge soos duur geskenke te wees nie.

As jy positief is, trek jy mense na jou toe aan. Niemand hou van negatiewe mense nie. Met 'n positiewe houding sal jy nooit 'n tekort aan vriende hê nie.

Jou vermoë om van vreemde mense vriende te maak, laat jou as mens groei en gee vir jou nuwe geleenthede om jou vriendekring uit te brei.

[Verwerk uit: www.jouwêreld.co.za]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: ADVERTENSIE****TEKS D**

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Daar is opsetlike taalfoute in die advertensie.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(3.2) Die GOED Matriekafskied-Ekspo ooit!**'n Ekspo waarin graad 12-leerlinge sal belangstel**

10–11 Oktober 2013

Vodaworld Midrand

- ❖ Vroueklere is beskikbaar.
- ❖ (3.3) Klere vir mans is ook beskikbaar.
- ❖ Motors te huur
- ❖ (3.4) Ons bespreek hare en skoonheid.
- ❖ Danslesse kan gereël word.

(3.5) *Beeld* reël wonderlik aktiwiteite by die ekspo:

- 'n Modeskou
- (3.6) 'n Lewendige show deur VONK

(3.8) Kan jy pryse wen? JA ...

- JJ Schoeman sal 'n rok ter waarde van R15 000 maak.
- Grimering word gratis gedoen.
- 'n Naweek by die see

Vir meer inligting gaan na www.matriekekspo.co.za.

Leon Mare – Organiseerder – 011 404 1503/JJ Schoeman – 011 713 9046

Beeld

(3.9) Jou wêreld. Jou koerant.


[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 23 Februarie 2012]

- 3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)
- 3.2 Gee die OORTREFFENDE TRAP van die onderstreepte woord in die opskrif van die advertensie. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Die goed matriekafskeid-ekspo ooit! (1)
- 3.3 Gee EEN WOORD vir die beskrywing tussen hakies. Skryf slegs die antwoord neer.
(Klere vir mans) is ook beskikbaar. (1)
- 3.4 Skryf die sin in die lydende vorm.
Ons bespreek hare en skoonheid. (1)
- 3.5 Gee die KORREKTE VORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Beeld reël wonderlik aktiwiteite by die ekspo. (1)
- 3.6 Kies die korrekte AFRIKAANSE WOORD vir die onderstreepte woord.
’n Lewendige show deur VONK.
A skou
B ekspo
C aktiwiteit
D vertoning (1)
- 3.7 Hoekom trek die inligting “toegang gratis” dadelik die leser se aandag? (1)
- 3.8 Verander die VRAAGSIN in die advertensie na ’n STELSIN.
Kan jy pryse wen? (1)
- 3.9 Waarom gebruik *Beeld* die woord “jou” in die slagspreuk “Jou wêreld. Jou koerant”? (1)
- 3.10 Hoekom is dit effektief om verskillende lettertipes in die advertensie te gebruik? (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

[Uit: *Beeld*, 15 November 2012]

In hierdie strokie is Hägar se vrou, Helga, besig om met haar dogter te praat terwyl sy werk.

4.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die antwoord neer.

Helga (stereotipeer/manipuleer) mans as sy sê dat daar 'n vrou agter elke suksesvolle man is.

(1)

4.2 Kies 'n woord uit die blokkie om die sin korrek mee te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

kwaad; skaam; verbaas

In raampie 1 kan ons duidelik uit die meisie se gesigsuitdrukking aflei dat sy ... is.

(1)

4.3 Wat kan jy uit raampie 2 aflei oor die feit dat die meisie met haar hande agter haar rug staan?

(1)

4.4 Skryf die sin hieronder oor en vervang die onderstreepte voegwoord met DAAROM.

Helga werk 24 uur per dag en sy is 'n voorbeeld vir haar dogter.

(1)

- 4.5 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Sy werk 24 uur per dag. (1)
- 4.6 Kies die woord wat die volgende VASTE UITDRUKKING korrek voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
Hägar se vrou swoeg en ... heeldag om haar man gelukkig te maak.
A wroeg
B sweet
C ploeg
D meet (1)
- 4.7 Gee die ANTONIEM van die onderstreepte woord. Skryf slegs EEN woord as antwoord neer.
Die boodskap van die strokie is dat Hägar sukksesvol sal wees as sy vrou nie agter hom staan nie. (1)
- 4.8 Voltooi die sin deur te verwys na wat jy in raampie 2 kan sien. Skryf die sin oor.
In raampie 2 kan 'n mens sien dat die klere nog nat is, want ... (1)
- 4.9 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
In die strokie probeer Hägar se vrou vir die jong meisie 'n (lewe + les) leer. (1)
- 4.10 Hoekom word 'n uitroepteken in raampie 2 gebruik? (1)
[10]

VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**TEKS F**

- Die taalvrae wat volg, is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute kom voor.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

(5.1) INTERESANTE FEITE OOR HONDE EN KATTE

(5.2) *Johnna Rizzo het diere navorsing gedoen.* (5.3) *Sy het gesê dat diere die wonderlikste onderwerp is om te bestudeer.*

Honde gaap om snaakse redes, (5.4) byvoorbeeld omdat hulle gespanne of opgewonde is.

Laika was die eerste hond wat 'n (5.5) reis na die ruimte onderneem het.

'n Sint Bernard-hond, met die naam Barry, het glo in sy lewe meer as 40 mense se (5.6) lewens gered.

(5.7) Honde drink soms water uit toiletbakke.

(5.8) Die water in toiletbakke bly koel **as** die water in hulle bakke.

Honde kan nie soos katte agteruit teen (5.9) boom afklim nie.

Dit is net 'n mite dat katte by die huis sal bly as jy botter aan hulle pote smeer. (5.10) Iemand moet hierdie mite glo.

(5.11) 'n Kat se hart klop twee keer vinniger as 'n mens s'n.

(5.12) Selfs klein katte se oë het drie ooglede elk.

(5.13) 'n Kaliko-kat is byna altyd 'n wyfie.


[Verwerk uit: *Kids*, Julie 2011]

- 5.1 Verbeter die SPELFOUT in die opskrif. Skryf slegs die korrekte spelling as antwoord neer. (1)
- 5.2 Skryf die sin oor in die LYDENDE/PASSIEWE vorm.
Johnna Rizzo het diere navorsing gedoen. (1)
- 5.3 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.
Sy het gesê dat diere die wonderlikste onderwerp is om te bestudeer. (2)
- 5.4 Skryf die onderstreepte woord as 'n AFKORTING neer. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Honde gaap om snaakse redes, byvoorbeeld omdat hulle gespanne of opgewonde is. (1)

- 5.5 Laika was die eerste hond wat 'n **reis** na die ruimte onderneem het.
Gebruik die HOMOFOON **rys** in 'n goeie sin sodat die betekenis duidelik blyk.
Skryf jou eie sin volledig uit. (1)
- 5.6 Skryf die onderstreepte woord in LETTERGREPE neer.
'n Sint Bernard-hond, met die naam Barry, het glo in sy lewe meer as veertig
mense se lewens gered. (1)
- 5.7 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Honde drink soms water uit toiletbakke. (1)
- 5.8 Gee die VERGROTENDE TRAP van die onderstreepte woord. Skryf slegs die
woord as antwoord neer.
Die water in die toiletbakke bly koel as die water in hulle bakke. (1)
- 5.9 Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as
antwoord neer.
Honde kan nie soos katte agteruit teen boom af klim nie. (1)
- 5.10 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Iemand moet hierdie mite glo. (1)
- 5.11 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.
Moenie bekommerd wees as jou kat se hart twee keer vinniger as joune klop
nie.
Skryf die hele sin oor en begin só: Jy HOEF NIE bekommerd ... (1)
- 5.12 Gee die VERKLEININGSVORM van die onderstreepte woord. Skryf slegs die
woord as antwoord neer.
Selfs klein katte se oë het drie ooglede elk. (1)
- 5.13 Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord. Skryf
slegs die woord as antwoord neer.
'n Kaliko-kat is byna altyd 'n wyfie. (1)

PRENT**TEKS G**

Die taalvrae wat volg, is op die prent hieronder gebaseer.



[Uit: *Vrouekeur*, 6 November 2009]

Gebruik die woorde in die lys hieronder en voltooi die sinne (5.14–5.19).

almanak; muurprop; bottoe; meisies; besem; pikswart; muisies; deurknop; sopepel; blikkie; vloer; stoofplaat
--

- 5.14 Die kombuis is vol ... (1)
- 5.15 Die teëls van die kombuisvloer is ... (1)
- 5.16 Die drie laaie is ... sodat daar niks kan inklim nie. (1)
- 5.17 Op die ... is daar 'n prent van 'n groot, vet kat. (1)
- 5.18 Die ketel is ingeprop by die ... (1)
- 5.19 Gebruik die onderstreepte woord as 'n VOORSETSEL in 'n sin. Skryf jou eie sin volledig uit.
- Die koppie hang aan sy oor onder die een kas. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 80



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 36 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte	4
OF			
2. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	5
OF			
3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte	8
OF			
4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	10
OF			
5. <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte	12
OF			
6. <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	13

OF**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

7. <i>Poppie, die drama</i>	Opstelvraag	35 punte	16
OF			
8. <i>Poppie, die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	18
OF			
9. <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte	21
OF			
10. <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	22

OF**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

11. <i>Agter 'n baard</i>	Opstelvraag	35 punte	25
OF			
12. <i>Die storie van Piet se oupa</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	27

OF**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. Brief	Kontekstuele vraag	17½ punte	30
OF			
14. Die hanswors	Kontekstuele vraag	17½ punte	31
OF			
15. things that go bump in the night	Kontekstuele vraag	17½ punte	33
OF			
16. Wie's Hy?	Kontekstuele vraag	17½ punte	34

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A, B en C altwee die vrae beantwoord het, word net die eerste vraag **per afdeling** nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek. Die eerste twee **AFDELINGS** word nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor **dieselfde genre** beantwoord nie.)
- As 'n kandidaat meer as twee gedigte in AFDELING D beantwoord het, word die eerste twee gedigte nagesien. Trek 'n streep deur die laaste (twee) gedig(te).
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer. Sien met ander woorde die eerste antwoord na.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie geïgnoreer nie, maar woordorde moet korrek wees. Woorde mag nie ingevoeg of uitgelaat word nie.
- Opstelvraag: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie geïgnoreer nie omdat die kandidaat hom-/haarself geïgnoreer het.
- As die opstel te lank is, laat 'n oorskryding van 'n maksimum van 50 woorde toe en ignoreer die res van die opstel.
- Kontekstuele vrae: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie geïgnoreer nie.
- By die nasien van die opstel word die punte soos volg aangedui:
Kode I: punt
Kode I+S: punt
Totaal: 35
- Halwe punte word as heel punte oorgedra na die voorblad. Indien die kandidaat volpunte vir gedigte kry, word punte oorgedra as 18 en 17 om 35 (totaal) te kry. Indien 'n kandidaat byvoorbeeld 6½ en 7½ kry, word punte oorgedra as 7 en 8.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- By vrae wat WAAR/ONWAAR vereis, word JA/NEE nie aanvaar nie.
Nasien van WAAR/ONWAAR:
 - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ plus die rede/motivering/aanhaling is KORREK = ✓
 - WAAR/ONWAAR is KORREK = ✓ maar die rede/motivering/aanhaling is VERKEERD = x
 - WAAR/ONWAAR is VERKEERD = x, ongeag of dit die KORREKTE rede/ motivering/ aanhaling is = x
 - WAAR/ONWAAR is KORREK, maar motivering ontbreek = x
- Indien die kandidaat antwoorde gee met Engelse woorde in, druk die woord toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: OPSTELVRAAG****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Maska as hart-broer**

- Maska het Saul geleer om die Bos te bewaar.
- Maska het aan Saul verduidelik waarom Oupoot altyd in die omgewing was as iets belangriks met Saul gebeur het.
- Maska het vir Saul geleer dat Oupoot vir Saul as mens-broer aangeneem het.
- Maska het ook sake vir Saul in perspektief geplaas soos dat Oupoot vir Saul Meulbos toe gelei het om die verwoesting vir hom te wys.
- Maska het vir Saul ingelig gehou oor die verwoesting in die Bos toe Saul in die dorp gebly het.
- Maska het vir Saul kom vertel van Jozef se kind se dood.
- Maska het vir Saul ingelig dat Freek Terblans gevra is om Oupoot te kom skiet.
- Maska het vir Saul gepleit toe die Bosmense teen Saul was.
- Maska het altyd seker gemaak dat Saul geweet het van belangrike gebeurtenisse soos bv. sy pa se dood.
- Maska het vir Saul vertel dat Joram, sy pa, altyd navraag oor Saul gedoen het.
- Maska was ongelukkig oor die vervreemding tussen Saul en sy broer, want Maska het gevoel dat hulle mekaar nodig gehad het.
- Maska was Saul se vertroueling; daarom het hy vir Maska gevra om Kate aan die einde te roep.
- Maska het op Saul se gevoel gespeel oor sy verantwoordelikheid teenoor die Bos, bv. dat Saul die Bos moes beskerm.

MacDonald as werkgewer

- MacDonald het vir Saul werk gegee toe Saul veertien jaar oud was.
- MacDonald het Saul sleg behandel deur hom soos 'n slaaf te laat werk.
- MacDonald het Saul min betaal en (die) geld afgetrek vir Saul se pa se skuld.
- MacDonald het sy magsposisie gebruik om Saul te manipuleer.
- MacDonald het hom onregverdig behandel en het onnodig geld van sy salaris afgetrek, byvoorbeeld omdat hy kwansuis te lank na die skepe gestaar het.
- MacDonald het vir Joram voor Saul verneder deur hom te laat smek om hulle kos op skuld te kon koop/vir 'n "goodfor".
- MacDonald het vir Saul van die skewe sirkel geleer.
 - Saul het gesien hoe MacDonald die houtkappers uitgebuit het deur hulle elke keer te min vir die hout te betaal.

- MacDonald het gespog oor die eersteklas hout wat hy ingekry het, maar Saul het geweet dat hy net die minimum daarvoor betaal het.
- MacDonald het Saul saam met Patterson Bos toe gestuur om goud te soek en so het Saul baie oor goud geleer.
- MacDonald was onbewustelik ook verantwoordelik vir Saul se finansiële sukses.
- MacDonald het vir Saul en Kate uit mekaar probeer hou toe hy agtergekom het dat Kate skelmpies vir Saul in die skuur, waar Saul as werknemer gehuisves was, besoek het.
- MacDonald het op Saul en die houtkappers neergesien. Hy wou Kate beïnvloed om dieselfde houding teenoor Saul en die houtkappers te hê deur haar te straf. Kate moes vyfhonderd keer uitskryf dat houtkappers en hulle kinders wild en vuil was.
- MacDonald se onmenslike optrede teenoor Arend het daartoe gelei dat Saul sy werk by MacDonald verlaat het.
 - MacDonald het nie vir Arend toegelaat om in die skuur te bly nie.

Abraham Steyn as leermeester

- Abraham Steyn was in die begin onwillig om vir Saul werk te gee, maar later het hy groot waardering vir Saul se werk gehad.
- Abraham Steyn het Saul geleer om meubels te maak.
- Abraham Steyn het vir Saul rigting in sy lewe gegee; hierdeur het Saul besluit om sy eie onderneming te begin.
- Abraham Steyn het Saul gehelp om volwaardig mens te word.
 - Abraham het Saul se goeie vakmanskap erken.
 - Abraham het Saul groter verantwoordelikhede gegee.
 - Abraham Steyn en sy vrou het Saul met groot respek en as gelyke behandel.
- Abraham was tevrede met Saul se werk en dit het selftrots by Saul laat ontwikkel.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

- 2.1 Die Bos/Meulbos/In daardie deel van die Bos wat Saul sleg geken het/In die mis. (1)
- 2.2
- MacDonald het gesê Patterson was 'n voëlkenner/wou die loeries bestudeer.
 - MacDonald het gesê dat Patterson klippe versamel het. (Enige EEN) (1)
- 2.3
- Patterson was 'n prospekteerder.
 - Patterson het goud gedelf. (Enige EEN) (1)
- 2.4
- B
 - B Saul die Bos goed geken het.
 - Saul die Bos goed geken het. (Enige EEN) (1)

- 2.5
- MacDonald wou 'n goudmaatskappy stig.
 - MacDonald wou die goud in die hande kry (voordat die delwers dit agtergekom het).
 - MacDonald sou Patterson as vennoot in die maatskappy aanstel.
(Enige EEN) (1)
- 2.6 Patterson was bang vir die mis.
(EEN rede) (1)
- 2.7 Ja.
- Patterson het 'n vrees vir die mis gehad.
 - Enige mens wat aan 'n fobie ly, tree irrasioneel op.
 - Patterson was totaal hulpeloos in die mis.
- OF
- Nee.
- Geen mens moet, soos Patterson, Bos toe gaan sonder om bewus te wees van die moontlike gevare nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.8 Die herhaling beklemtoon Patterson se vrees/benoudheid/desperaatheid/hulpeloosheid. (1)
- 2.9.1 Patterson moes sy sorteerpan/pan vir Saul gee. (1)
- 2.9.2 Ja.
Saul het besef dit was die geleentheid waarop hy gewag het om geld te maak.
- OF
- Nee.
'n Mens behoort hulp te verleen sonder om iets daarvoor te vra.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.10 Saul het vir Patterson met 'n riem aan sy eie lyf vasgebind. (1)
- 2.11
- Arend het op 'n geroeste perdeskoen/hoefyster/spyker getrap.
 - Arend het baie siek geword/hy het bloedvergiftiging gekry.
 - MacDonald het geen hulp aangebied nie./MacDonald het Saul en Arend van die werf af weggejaag.
(DRIE feite) (3)
- 2.12.1 Saul het gevoel dit was die Bosmense se reg om goud in die Bos te delf./Saul het gevoel die goud sou die houtkappers vry maak van skuld. (1)
- 2.12.2 Joram het gevoel hulle was houtkappers en nie gouddelwers nie./Joram het geglo die goud sou die duiwel in die Bos inbring./Joram het gesê hulle behoort aan hulleself. (1)

- 2.13
- Arend se dood het daartoe gelei dat Saul sy werk by MacDonald verlaat het.
 - Arend se dood het daartoe gelei dat Saul begin goud delf het.
 - Arend se dood het indirek daartoe gelei dat Saul ryk geword het.
 - Arend se dood het Saul onafhanklik van MacDonald gemaak.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.14.1 bosbewaarders (1)
- 2.14.2 houtkappers (1)
- 2.14.3 houtkopers (1)
- 2.14.4 gouddelwers (1)
- 2.15.1 Onwaar. (1)
- 2.15.2
- Arend het op 'n stadium gedink Saul het hulle aan Harison/Barrington uitverkoop.
 - Arend het gedink Saul het hulle verraai.
 - Arend het op 'n stadium sy pa geglo dat Saul hulle verraai het.
 - Net aan die einde het Arend geglo dat Saul onskuldig was.
(Enige EEN) (1)
- 2.16.1
- Saul het olifantgeluide nagmaak (op 'n beeshoring geblaas) om die indruk te skep dat 'n olifant naby was.
 - Saul het gemaak asof olifante hom gejaag het/by die delwers aangestorm gekom om die indruk te skep dat hy deur 'n olifant gejaag is.
 - Saul het gedreig om hulle te slaan.
(Enige TWEE) (2)
- 2.16.2 Ja.
- Die delwers was besig om die Bos te vernietig.
 - Saul het net die Bos probeer bewaar.
- OF
- Nee.
- Saul was nie die bewaarder/eienaar van die Bos nie.
 - Saul het nie die reg gehad om die delwers te dreig nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 2.16.3
- Saul kon mooi met die delwers gepraat het.
 - Saul kon hulle oor die nadele/gevolge van hulle gedrag geleer het.
 - Saul kon aan die delwers verduidelik het dat daar vir niemand iets oor sou wees as hulle die Bos sou uitroei nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 2.17.1 Onwaar. (1)
- 2.17.2 Saul en Peter Crompton het mekaar ontmoet toe Oupoot vir Crompton tot by die rivier gejaag het. (1)
- 2.18.1 Joram (1)
- 2.18.2 Barkley (1)
- 2.18.3 Stopforth (1)
- 2.18.4 Steyn (1)
- 2.19
- B
 - B het ryk geword.
 - het ryk geword.
(Enige EEN) (1)
- 2.20 (Aan die einde van die verhaal) kon Saul verseker dat mense die Bos nie uitroei nie.
(Of soortgelyk) (1)
- [35]**

VRAAG 3: OPSTELVRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Mana se idees oor 'n pa vir Hanna en Tibo***Hanna*

- Mana wou 'n kind gehad het, maar nie 'n man nie.
- Sy het toe met haar gay woonstelmaat, Gavin, getrou.
- Mana het met Gavin getrou om die familie tevrede te stel.
- Na Hanna se geboorte is Mana en Gavin geskei.
- Mana het self gesê dat Hanna geskep is.

Tibo

- 'n Paar jaar na die egskeiding wou sy weer 'n kind hê, maar steeds nie 'n man nie.
- Mana het besluit om oorsee te gaan en 'n proefbuisbaba te hê.

- Mana het na Tibo se pa as haar proefbuis op 'n wit perd verwys.
- Mana het self gesê dat Tibo vervaardig is.

Mana wat anders as ander ma's was

- Mana het nie daarvan gehou as Hanna haar "Ma" genoem het nie; sy moes haar eerder Mana genoem het.
- Mana het nie gedink dit was nodig vir Hanna om draadjies vir haar tande te kry nie, want draadjies was so gewoon.
- Mana het vir Hanna "Hanna Hoekom" genoem omdat sy gesê het Hanna se eerste woord "hoekom"/"hoetom" was.
- As Mana begin skilder het, het sy van kinders en huis vergeet en haar muse uitgeleef.
- Mana het na die ongebore baba as Dit/Ditjie verwys, want sy het geglo dit was sleg om 'n geslag aan haar ongebore kind te koppel.
- Mana wou hê die nuwe baba se naam moes iets met water te doen hê omdat hulle tydens die baba se geboorte op die berg vasgekeer was as gevolg van reën.
- Mana het geglo dat dit nadelig vir 'n mens se gesondheid was om normaal te wees.
- Mana het nie in spesifieke rolle vir seuns en meisies geglo nie.
- Mana het niks verkeerd daarmee gesien as seuns met poppe gespeel het nie.
- Mana het gesê dat sy nie sou omgee as Hanna rugby gespeel het nie, solank Tibo dit net nie gedoen het nie.
- Mana het geglo 'n mens moes die lewe sonder pretensies leef.
- Mana se wittebrood sou nie 'n gewone wittebrood wees nie, maar een waar sy al haar kinders, stiefkinders en honde saamneem om saam met haar en Beyers te wees.
- Mana het hoofsaaklik sop vir maaltye bedien.
- Mana het in 'n stasiewa sonder sitplekke gery (sodat sy haar skilderye kon vervoer).
- Mana het 'n fles groen tee (na sportbyeenkomste) saamgeneem.

Mana se kleredrag

- Mana het hansworshoede gedra.
- Mana het verkwaste in haar hare gedruk.
- Mana het ongewone klere gedra, soos byvoorbeeld groen stewels met skerp punte.
- Sy het 'n rok met groot pers en rooi blomme gedra.
- Sy het haar (Turkse) pantoffels winkels toe gedra.
- Mana se kleure van haar klere het nie altyd gepas nie.
- Sy het soms soos 'n bont voëlverskrikker gelyk.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

- 4.1
- A
 - A Sharon
 - Sharon
- (Enige EEN) (1)
- 4.2
- Yann het vir haar 'n pen gegee./Yann het haar verras deur vir die eerste keer in haar lewe vir haar 'n geskenk te gee.
 - Yann het saam gesing/deelgeneem aan haar verjaarsdagvieringe.
- (TWEË feite) (2)
- 4.3 gemiddelde vaal meisiekind (1)
- 4.4
- Margot het haar kinders net so gelos.
 - Margot het in 'n vreemde land/Amerika gaan bly.
 - Margot het (goedkoop gelyk)/baie grimering,/stywe langbroek gedra/en lang naels gehad.
 - Alles aan Margot was vals.
 - Margot het almal betower om van haar te hou.
- (Enige DRIË) (3)
- 4.5.1 D Amos (1)
- 4.5.2 E Sharon (1)
- 4.5.3 B Beyers (1)
- 4.5.4 C Margot (1)
- 4.6
- D
 - D stywe slangvelbroek
 - stywe slangvelbroek
- (Enige EEN) (1)
- 4.7.1 Sy het Tibo beïndruk deurdat sy van Amerika/Hollywood gekom het/al die bekende sterre geken het/ tarotkaarte gelees het/ hom 'n hartebreker genoem het. (1)
- 4.7.2 Sy het Sharon beïndruk omdat sy Hollywoodstories vertel het/sy 'n aktrise was/haar glimlag/hare met Julia Roberts s'n vergelyk het. (1)
- 4.8.1 Onwaar. (1)
- 4.8.2 Sy het vir haar lekkerruikgoed/n groot wit handdoek met haar naam op geborduur/meer persoonlike goed wat by haar ouderdom gepas het/toiletware/verjaarsdagkaartjie (met 'n skets van 'n rietdakhuisie) gegee/Beyers het vir haar 'n boek gegee, (nie Mana nie)/Mana het vir vorige verjaarsdae vir haar boeke gegee. (1)

- 4.9.1 • Gavin was in die Kaap (vir 'n modeskou).
 • Gavin was naby die plek waar Hanna se familie vakansie gehou het.
 (Enige EEN) (1)
- 4.9.2 • Gavin het hulle laat lag.
 • Gavin het 'n vrolike atmosfeer geskep.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.10 Hy was van kop tot tone vol modder, ✓ maar hy was gewoonlik 'n modepop. ✓ (2)
- 4.11 Gavin se vermoë om ander mense te laat lag/Gavin se vermoë om vir
 homself te lag/Gavin se positiewe houding.
 (Enige EEN) (1)
- 4.12 • Margot was vroeër 'n verpleegster.
 • Sy het voorheen baie babas gevang.
 (Enige EEN) (1)
- 4.13 Hanna was vir hom baie mooi/iets wonderliks/'n "fabulous creature"/perfek. (1)
- 4.14 Fabienne/Pascale (1)
- 4.15.1 Onwaar. (1)
- 4.15.2 Hanna het haar voorgeneem dat sy sou sorg dat haar sussie nooit seerkry
 nie./Hanna sou haar sussie beskerm. (1)
- 4.16 • Dit het baie gereën.
 • Omdat hulle vasgekeer was as gevolg van die reën voor die geboorte.
 (Enige EEN) (1)
- 4.17.1 helikopter (1)
- 4.17.2 rol (1)
- 4.17.3 partytjie (1)
- 4.17.4 begrafnis (1)
- 4.18 Aan die einde was sy onselfsugtig/het sy bewys dat sy in 'n krisissituasie kalm
 kon optree/het sy gehelp met die geboorte van die baba./het Margot 'n
 verhouding met haar kinders opgebou. ✓
 Aan die begin van die verhaal was sy selfsugtig/het almal haar as 'n koningin
 beskou /het sy opgetree asof sy 'n koningin was/wou sy bedien word/ was sy
 weg van haar kinders in Amerika. ✓
 (Of soortgelyk)
 (Kandidate kan EEN punt verdien vir verwysing na óf die **begin** óf die **einde**.) (2)

- 4.19
- Hierdie roman het gewys dat stiefma's/stiefpa's goeie verhoudings met hul stiefkinders kan hê.
 - Hierdie roman het gewys dat stiefma's/stiefpa's hul stiefkinders selfs beter kan verstaan as die biologiese ouers.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 4.20
- Die familieledede het geleer om dinge saam te doen.
 - Die familieledede het mekaar beter leer ken.
 - Die familieledede het geleer om in krisissituasies saam te werk.
 - Die familieledede het geleer om mekaar se positiewe eienskappe te waardeer.
 - Hanna het haarself ontdek.
(Die fokus kan ook vanuit Hanna se perspektief wees.)
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [35]

VRAAG 5: OPSTELVRAAG

MEEULANDERS – Esta Steyn

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Schalk Blanckenberg se negatiewe rol

- Schalk het die meisie op wie Jacob as jongman verlief was (Magrietjie du Plessis), verkrag.
- Hierdie optrede van Schalk het veroorsaak dat Magrietjie in 'n inrigting beland het/haar pa dood is.
- Die gevolg was dat Jacob na Meeuland toe gegaan het en daar gaan werk het.
- Schalk was verantwoordelik daarvoor dat Jacob se pa, Matthys, in die tronk vir onwettige kreefhandel beland het.
- Omdat sy pa in die tronk was, moes Jacob staan en toekyk hoe sy ma swaar gekry het.
- Schalk het vir Janka raakgeskiet toe hy betrap is terwyl hy onwettig kreef wou uithaal.
- Dit het daartoe gelei dat Jacob bekommerd was en nie geweet het waar die geld vir die hospitaalbehandeling vandaan sou kom nie.
- Schalk is deur Jacob vermoor, want Jacob wou wraak neem.
- Vir hierdie oortreding het Jacob tronkstraf gekry en dit het weer eens sy lewe verwoes.
- Jacob moes vir sy optrede teenoor Schalk boet en is so van Ryna en Janka geskei.

Fred Blanckenberg se negatiewe rol

- Fred Blanckenberg was die rede hoekom Elsabet met Jacob getroud is. Sy wou wegkom van die praatjies dat sy 'n verhouding met 'n getroude man gehad het.
- Jacob se huwelik met Elsabet was van die begin af 'n fout.
- Fred Blanckenberg was uiteindelik die oorsaak dat Jacob en Elsabet se huwelik beëindig is.
- Jacob moes alleen agterbly met sy hartseer oor Elsabet en Janka wat grootgemaak moes word.
- Na Sheila se dood het Fred en Elsabet hulle verhouding hervat. Jacob het nie weer 'n kans gehad om Elsabet te oortuig om op Meeuland te bly nie.
- Vir die tweede keer het Jacob 'n geliefde as gevolg van 'n Blanckenberg verloor. Dit het gebeur toe Fred vir Elsabet op Meeuland met sy boot kom haal het.
- Fred Blanckenberg se ontrou het veroorsaak dat Elsabet in die storm probeer het om terug te gaan na Meeuland toe en uiteindelik verdrink het.
- Vir die tweede keer het Jacob dus vir Elsabet as gevolg van Fred Blanckenberg verloor.

Fred Blanckenberg se positiewe rol

- Fred Blanckenberg het aangebied om vir Janka se hospitaalokostes te betaal nadat sy deur Schalk geskiet is.
- Fred het probeer om so die onreg wat die Blanckenbergs vir Jacob en Janka aangedoen het, reg te maak.
- Fred Blanckenberg het ook aangebied om vir Jacob 'n goeie prokureur te kry nadat Jacob vir Schalk doodgesteek het.
- Fred Blanckenberg het vir Ryna belowe dat hy nooit vir Jacob sou sê dat Janka sy kind was nie.
- Fred wou so verseker dat Jacob nie weer deur 'n Blanckenberg seergemaak word en iemand verloor wat na aan hom was nie.
- Fred Blanckenberg en Jacob se verhouding het aan die einde verbeter toe Jacob toegelaat het dat Fred se prokureur hom verdedig het.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**MEEULANDERS – Esta Steyn**

- 6.1 Hulle het vir Janka/Jacob gewag. (1)
- 6.2
- B
 - B hartseer
 - hartseer
- (Enige EEN) (1)
- 6.3
- Dit was die mense se CB-name.
 - Elke persoon wat per radio met die eiland kontak gemaak het, het 'n spesiale CB-naam gekry.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 6.4 Ja.
- Elsabet kon besluit oor Janka se lewe, want sy was haar ma.
 - Elsabet kon dalk vir Janka 'n beter lewe op Salamanderbaai bied.
 - Dit is beter dat 'n dogter by haar ma grootword.
- OF
- Nee.
- Elsabet het van Janka se geboorte af haarself onttrek van Janka af en Ryna en Jacob het haar versorg.
 - Elsabet het, toe sy Meeuland verlaat het, vir Ryna gevra om na Janka te kyk.
 - Elsabet het, toe sy Meeuland verlaat het, vir Janka agtergelaat.
 - Elsabet het tot op hierdie stadium geen aanduiding gegee dat sy Janka permanent wou hê nie.
(Enige TWEE feite of soortgelyk) (2)
- 6.5 Jannerik was hartseer dat hy vir Janka kon verloor. (1)
- 6.6
- Jannerik het geleer om sy vrou, Miena, se dood te verwerk.
 - Jannerik se seer oor Kinnie se dood was al minder.
 - Jannerik kon al oor Kinnie/Miena praat.
(Enige TWEE) (2)
- 6.7.1 C Ousanna (1)
- 6.7.2 D Ryna (1)
- 6.7.3 E Janka (1)
- 6.7.4 B Kinnie (1)
- 6.8
- Elsabet het die eiland as 'n tronk beleef/Elsabet het vasgevang op die eiland gevoel.
 - Elsabet het dit as 'n plek van stank beleef.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.9
- Elsabet het vir Ryna vertrou met Janka se opvoeding.
 - Elsabet het vir Ryna vertel hoe sy gevoel het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.10
- Ryna kon haar verlede agter haar laat.
 - Ryna kon 'n nuwe lewe, weg van Kaapstad af, begin.
 - Ryna kon aandag aan haar boek gee.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.11
- Sy het die eiland as plek van heling ervaar.
 - Ryna het die eiland as God se plekkie ervaar.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

- 6.12
- Schalk was in die vlamme die dag toe haar man en kind dood is.
 - Schalk was verantwoordelik vir haar man en kind se dood.
 - Schalk en haar man was met onwettige goed besig.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.13.1 Daniel het haar aan Ronnie/haar seun laat dink. (1)
- 6.13.2
- Ryna het vir Janka gehad om te versorg.
 - Ryna kon weer liefhê.
 - Ryna kon uitsien na 'n nuwe begin saam met Jakob.
- (Enige EEN) (1)
- 6.14
- C
 - C mense heel en gelukkig kon maak.
 - mense heel en gelukkig kon maak.
- (Enige EEN) (1)
- 6.15.1
- Elsabet se baba is by geboorte dood.
 - Janka was nie Elsabet se kind nie.
 - Hulle het die babas by geboorte geruil.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.15.2 Jannerik (1)
- 6.15.3 Ousanna was 'n siener/het die waarheid geken.
(Of soortgelyk) (1)
- 6.16.1 Onwaar. (1)
- 6.16.2
- Ryna het vir Jacob probeer waarsku oor wat in die toekoms kon gebeur.
 - Ryna het vir Jacob die realiteit probeer uitspel.
 - Ryna het haar ondersteuning vir Jacob hier probeer verwoord.
- (Enige EEN) (1)
- 6.17
- Jacob het sy eerste liefde (Magrietjie) verloor (nadat Schalk haar verkrag het).
 - Sy eie kind is dood na geboorte.
 - Sy vrou (Elsabet) het hom vir 'n ander man verlaat.
 - Hy het besef dat hy moontlik vir Janka ook kon verloor.
- (Enige DRIE) (3)
- 6.18
- Jacob het gesê dat die Here sou voorsien.
 - Jacob het sy vertrouwe in God gestel.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 6.19.1 Onwaar. (1)
- 6.19.2
- Attie het op 'n diamantboot/in Suidwes gaan werk.
 - Attie het besluit om Meeuland te verlaat omdat hy besef het dat Ryna nie vir hom lief was nie.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.20.1	navorsingstasie	(1)
6.20.2	tronkstraf	(1)
6.20.3	onderwys	(1)
6.20.4	buitekamer	(1)
		[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 7: OPSTELVRAAG

POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Ouma Hannie

Ouma Hannie het vir Poppie tradisies geleer

- Ouma Hannie het vir Poppie van die Xhosa-tradisies geleer.
- Ouma Hannie het hulle geleer om Xhosa en Afrikaans te praat.
- Dié taalkennis het Poppie voorberei vir haar huwelik met Stone, wat 'n Xhosa was.

Ouma Hannie het Poppie van geloof geleer

- Ouma Hannie het al die Rooms-Katolieke Kerk en die Metodistekerk se dienste bygewoon.
- Poppie het by ouma Hannie geleer dat 'n mens op die Here moes vertrou.
- Ouma Hannie het die kleinkinders na die kerkskool gestuur.
- Dié geloof het Poppie vir die swaarkry in haar lewe voorberei.

Ouma Hannie as Poppie se rolmodel

- Respek was vir ouma Hannie baie belangrik, soos byvoorbeeld toe die kinders vir bhuti Phengi gelag het en sy hulle geslaan het.
- Poppie het net soos ouma Hannie teenoor Jakkie opgetree toe hy en van die ander kinders vir Plank aangerand het omdat Plank dronk was.
- Ouma Hannie het vir Poppie geleer hoe 'n mens kinders opvoed en watter keuses Poppie vir haar kinders moes maak.
- Ouma Hannie het die waarde van geletterdheid besef en het dit ook aan Poppie oorgedra.
- Poppie was daarom ook baie gesteld daarop dat haar eie kinders moes skoolgaan.
- Poppie het ouma Hannie as liefdevol beskou, maar sy was ook streng, 'n ouma wat haar kleinkinders gedissiplineer het.

- Poppie was net so streng soos ouma Hannie met haar eie kinders.
- Dit was vir ouma Hannie belangrik dat daar 'n kerk en 'n skool moes wees waarheen sy getrek het.
- Poppie se vereistes voor sy Mdantsane toe getrek het, was dat daar 'n skool en 'n huis moes wees.
- Poppie het haar kinders en kleinkinders grootgemaak soos wat ouma Hannie vir Poppie geleer het.

Mama

Mama as ouer

- Mama het gesê Poppie moes die skool verlaat en na haar (Mama se) nuwe kinders kyk. Poppie was toe nege jaar oud.
- Poppie was baie kwaai met haar eie kinders dat hulle nie die skool mag verlaat het nie.
- Mama het Poppie geleer om nooit moed op te gee nie, maar aan te hou.
- Mama het Stone se lobola vir Poppie gespaar om trougoed te koop soos klere, ketels, kombuisgoed, komberse en lakens.
- Mama het vir Poppie ook finansieel gehelp om haar huwelikslewe te begin.
- Toe Stone gesterf het, was dit Mama wat vir Poppie meer inligting oor Stone se siekte gegee het.

Mama as ouma

- Toe Poppie en Bonsile Kaap toe gegaan het, het hulle ook by Mama gaan bly.
- Net soos ouma Hannie na Poppie-hulle gekyk het, het Mama ook na Bonsile gekyk as Poppie gaan werk het.
- Poppie het later weer net so vir Vukile grootgemaak.
- Mama was altyd daar as Poppie hulp met die kinders nodig gehad het.

Mama se rol tydens die onluste

- Mama het probeer om haar eie kinders van die straat af te hou tydens die onluste.
- Mama het vir Poppie getroos deur te sê dat dit goed was dat Poppie se kinders nie in die Kaap by die onluste was nie.
- Mama het die kinders se opstand teen drankmisbruik gesien as iets wat van die Here gekom het.
- Net so het Poppie aan die einde van die drama ook erken dat die Here in beheer van haar kinders se lewe was.

Mrs Swanepoel

- Mrs Swanepoel het vir Poppie werk gegee.
- Mrs Swanepoel het uiteindelik deur haar man gehelp dat Poppie wettig in die Kaap kon bly.
- Mrs Swanepoel het vir Poppie in die begin beskerm en gesê Poppie moes nie die voordeur beantwoord nie, sodat sy nie sonder 'n pas gevang sou word nie.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG**POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

- 8.1.1 (Die) regering/staatsamptenare/goewerment (1)
- 8.1.2
- Poppie het nie 'n ander keuse gehad nie.
 - Die regering het bepaal dat alle Xhosa-vroue wat nie gewerk het nie, Lambertsbaai moes verlaat.
 - Poppie wou keer dat sy (weer) in die tronk sou beland.
 - Poppie wou keer dat hulle huis afgebrand sou word.
 - Poppie het nie meer veilig in Lambertsbaai gevoel nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.1.3 (In) Nyanga (1)
- 8.1.4 (Van die) paswet (1)
- 8.2 Hy was 'n boilerman/ketelmaker in die fabriek/'n fabriekswerker. (1)
- 8.3 (By 'n) melkery/"dairies". (1)
- 8.4.1 Onwaar. (1)
- 8.4.2
- Sy was baie ontsteld/ontevrede (omdat die mense daar so siek geword het en doodgegaan het).
 - Sy was bekommerd oor die toestande by die werk.
 - Sy was bekommerd oor die lang werksure.
(Enige EEN) (1)
- 8.5.1 Poppie moes destyds skool los om na Mama se kinders te kyk (soos wat Katie dit nou moes doen). (1)
- 8.5.2
- (Aanvanklik) het die kinders by Ma Lena gebly.
 - Poppie het gesê dat sy self sou klaarkom.
 - As Ma Lena nie by die huis was nie, het Katie na die kinders gekyk.
 - (Later) het sy het haar kinders alleen/by die huis gelos (toe sy gaan werk het).
 - Sy het die kinders met koue tee en gesmeerde brood by die huis gelos.
(Enige EEN) (1)
- 8.6
- Daar moes vir hulle 'n huis wees. ✓
 - Daar moes 'n skool vir die kinders wees. ✓ (2)
- 8.7
- Stone het 'n vaste werk in die Kaap gehad.
 - Stone het 'n wettige permit gehad om in die Kaap te werk.
 - Stone was die broodwinner van die gesin.
(Enige EEN) (1)

- 8.8.1 C Upington
- 8.8.2 B Lambertsbaai
- 8.8.3 A Mdantsane
- 8.8.4 D Herschel (4)
- 8.9.1 • Met Poppie s'n: Sy het geweet dat Stone nie tyd gehad het om heelyd na Bonsile te kyk nie./Bonsile sou te veel aan homself oorgelaat wees./ Die mans in die hostel sou met Bonsile lol./Poppie het gesê dat hy ook nie by Plank kon bly nie want Plank sou uitgaan op die skuite.
- OF
- Met Bonsile s'n: Dit is reg dat 'n seun eerder by sy pa bly.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.9.2 Ja.
Poppie het van die begin af al die besluite oor die kinders geneem.
- OF
- Nee.
- As pa moes Stone 'n groter sê gehad het in die besluite wat Poppie geneem het.
• Stone was die een wat die finale besluit geneem het; Poppie het die leiding gegee.
(Enige EEN) (1)
- 8.10 • Poppie en Stone het vreemdelinge vir mekaar geraak.
• Stone het net 'n voorsiener van geld geword.
• Poppie het nie eens geweet hy was werklik ernstig siek nie (en het eers daarvan gehoor toe hy dood is).
• Poppie het na Stone se dood eers agtergekom dat hy al die geld vir hulle gestuur het.
• Stone het eers na twee jaar kom kuier.
(Enige EEN) (1)
- 8.11.1 kwekery (1)
- 8.11.2 hospitaal (1)
- 8.11.3 kerk (1)
- 8.11.4 regering (1)
- 8.12 • C
• C Poppie was bang hy sou ook by die onrus betrokke raak.
• Poppie was bang hy sou ook by die onrus betrokke raak.
(Enige EEN) (1)

- 8.13
- (By) Poppie se skoonouers/skoonfamilie/skoonmense.
 - (By) Stone se ouers.
(Enige EEN) (1)
- 8.14
- Poppie het vroeër gesê dat Katie moes aangaan met skool; (nou wou sy hê Katie moes die skool verlaat).
 - Poppie het nie van plan verander nie. Kindjie het vir Vukile opgepas.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.15.1
- Poppie het 'n kinderlike/Christelike geloof gehad.
 - Poppie het geglo dat die Here altyd in beheer was.
 - Poppie het haar lewe aan die Here toevertrou.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.15.2
- Poppie se (eerste) kind is dood.
 - Fezi het by Bonsile gebly/agtergebly. Sy het Vukile Kaap toe geneem.
(Enige EEN) (1)
- 8.16.1 Onwaar. (1)
- 8.16.2
- Vukile het in die opstande in die Kaap gesterf.
 - Vukile is dood toe 'n dwaalklip hom op tweede Kersdag getref het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 8.17
- Op sestienjarige ouderdom wou Bonsile nie in Mdantsane skool toe gaan nie, maar wou eerder by sy pa gebly het as in Mdantsane.
 - (Hy was kwaad omdat hulle moes trek) en het nie gehelp om in hulle nuwe huis in te trek nie.
 - Hy het snags rondgeloop.
 - Hy het 'n meisie swanger gemaak.
 - Hy het nie vir sy seun, Vukile, gesorg nie.
 - Hy en sy suster is in hegtenis geneem (toe hy vir Jakkie gehelp het).
 - Hy het sy eie pad geloop.
(Enige TWEE probleme) (2)
- 8.18
- B
 - B in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.
 - in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.
(Enige EEN) (1)
- 8.19
- Poppie se eie kinders sou dalk direk by die onluste in die Kaap betrokke geraak het.
 - Poppie sou dalk in hegtenis geneem geword het omdat sy nie 'n pas gehad het nie.
 - Poppie sou dalk vroeër by iemand soos Mrs Swanepoel uitgekom het wat haar kon gehelp het om 'n pas te kry.
 - Bonsile sou dalk nie so opstandig geraak het nie.
 - Bonsile sou dalk nie 'n meisie swanger gemaak het nie.
 - Stone sou nie sonder Poppie gesterf het nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

VRAAG 9: OPSTELVRAAG**PALJAS – Chris Barnard****Sien aangehegte rubriek**

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidate hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:**Hendrik en Katrien**

Hendrik en Katrien se huweliksverhouding was nie goed nie.

- Hendrik en Katrien het nie saam geslaap nie; sy het by Willem geslaap.
- Hendrik as man en hulle omstandighede het vir Katrien gefrustreer.

Gebrek aan kommunikasie

- Hendrik en Katrien het nie oogkontak gemaak as hulle met mekaar gepraat het nie.
- Hendrik het nie geluister as Katrien vir hom gesê het hy moes vir Willem uitlos nie. Sy het Hendrik kwalik geneem oor Willem se toestand.
- Hendrik en Katrien het nie eintlik sinvol met mekaar gekommunikeer nie.
- Hendrik het gereeld met homself gepraat oor die tye toe hy en Katrien gelukkig was.

Hendrik se jaloesie

- Hendrik het gedink dat alle mans vir Katrien van hom af wou wegvat; dit was die rede waarom hulle al op soveel stasies gebly het.
- Hendrik was onrustig oor Frans en Katrien se verhouding.

Uiterlike konflik tussen Hendrik en Katrien

- Hendrik was woedend omdat Katrien vir haarself blou oorkrabbers gekoop het.
- Hendrik was kwaad toe Katrien gepraat het van haar eie spaargeld, want hy het al sy geld vir die huis gebruik en Katrien blykbaar nie. Katrien het vir Hendrik kwalik geneem oor hoe hy die kinders hanteer het.
- Hendrik was al vyf en veertig en het volgens Katrien niks gehad nie.
- Hendrik het volgens Katrien net ou stukkende karre verstaan en nie vroumense nie.

Gevolge van die swak verhouding tussen Hendrik en Katrien

Hendrik het minderwaardig gevoel; asof hy nie goed genoeg vir Katrien was nie.

Herstel van kommunikasie tussen Hendrik en Katrien

- Hendrik en Katrien het skuldig gevoel oor die rusie toe Willem verdwyn het.
- Hendrik en Katrien het begin gesels oor wat in hulle lewens verkeerd geloop het/wat die ongelukkigheid veroorsaak het.
- Hendrik het geluister toe Katrien erken het dat Hendrik al man was wat sy nog ooit liefgehad het.
- Hendrik en Katrien het aan die einde saam gedans.

Hendrik en Emma*Pa-dogter-verhouding*

- Die verhouding tussen Hendrik en Emma was gespanne omdat Hendrik vir Nollie aan Emma probeer afsmeer het.
- Hendrik wou nie hê Emma moes alleen oud word nie.
- Hendrik het vir Emma teen Bertie beskerm.
- Nadat die gesin vir Willem op die stoep sien slaap het, het Hendrik sy arms om Emma gesit om te wys hy het haar trane van blydschap verstaan.

Emma se reaksie op Hendrik

- Hendrik en haar ma se ongelukkigheid het vir Emma laat besluit dat sy nooit wou trou nie.
- Emma het vir Hendrik kwalik geneem omdat hy nie gepraat het oor dit wat belangrik was nie.
- Hendrik en sy praatjies het Emma maklik geïrriteer.
- As Hendrik so geraas en baklei het, het die gesin in stilte geëet en Emma het soms nie eers tafel toe gekom nie.
- Emma het haar doof gehou vir haar pa se geraas en baklei.

Hendrik en Willem*Pa-seun-verhouding*

- Hendrik het heelyd aan tafel na Willem gekyk soos 'n mens vir iemand kyk oor wie jy nuuskierig was, maar wat jy nie verstaan het nie.
- Hendrik wou vir Willem gedwing het om weer te praat, maar Willem wou nie praat nie.
- Hendrik was by tye ongeduldig met Willem.
- Hendrik wou altyd die wêreld reg raas en Oudokter het gedink dat dit die rede was waarom Willem nie gepraat het nie.

Hendrik se liefde en trots

- Hendrik het van tyd tot tyd vir Willem op sy skoot getel en hom vasgehou.
- Soms het Hendrik hom Willempie genoem.
- Hendrik was beïndruk met Willem se toertjies.
- Hendrik het selfs gesê dat Willem slim was en president gaan word.
- Hendrik het gehuil toe Willem teruggekom het huis toe nadat hy weg was.

SLOT: Die opstel word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**PALJAS – Chris Barnard**

- 10.1 Die dorpsmense/die gemeenskap (1)
- 10.2
- D
 - D Jan Mol
 - Jan Mol (Enige EEN) (1)

- 10.3.1 Onwaar. (1)
- 10.3.2
- Frans het gesê dat dit alles leuens was.
 - Frans het reguit gesê dat hulle bog/nonsens gepraat het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.4
- Jan Mol het geïmpliseer dat Frans net vir Katrien raakgesien het/van Katrien gehou het.
 - Die dorpsmense het almal geweet dat Katrien die werklike rede was waarom Frans die McDonalds besoek het.
(Enige EEN) (1)
- 10.5
- Die stories was onwaar/net skinderpraatjies.
 - Die mense het nie eers die McDonalds geken nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.6
- (Frans en Jan Mol het baklei) oor die skinderstories.
 - (Frans en Jan Mol het baklei) oor die stories wat Jan Mol en sy vriende versprei het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.7 Nollie (1)
- 10.8 Die dominee kom besoek hulle nie omdat hy oor die McDonald-gesin (se geloofslewe) bekommerd was nie, ✓ maar om hulle te veroordeel op grond van skinderstories. ✓
(Of soortgelyk) (2)
- 10.9
- Hendrik wat heelyd die wêreld probeer reg raas het, was die oorsaak.
 - 'n Angstoestand.
 - Willem was ongelukkig oor die lewe.
 - iets moes gebeur het wat hy nie kon verwerk nie.
(Enige TWEE) (2)
- 10.10
- Willem wou keer dat die mense uitvind dat Manuel daar was.
 - Willem wou nie hê die mense moes Manuel sien nie.
 - Willem het vir Manuel probeer beskerm.
 - Willem het vir Manuel in die skuur weggesteek.
 - Willem het geweet Manuel bly in die skuur en niemand anders het daarvan geweet nie.
 - Manuel was daar.
 - Manuel was sy geheim.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.11.1 toertjies (1)
- 10.11.2 nar (1)
- 10.11.3 narrepak (1)
- 10.11.4 hase (1)

- 10.12
- Manuel het Willem weer laat praat/lag/speel.
 - Manuel het Willem se gesinslewe herstel.
(Aanvaar voorbeelde van die gesin se herstel.)
(Enige EEN)
- (1)
- 10.13
- Vorbereiding**
- Die gesin het moeite met hulle voorkoms gedoen/deftig aangetrek.
 - Hulle het hulle voorberei op 'n aangename aand.
 - Hendrik het Katrien en Emma gekomplimenteer.
 - Hendrik het gedigte voorgedra.
- Aankoms**
- By die Volstruisdans is die gesin weggejaag/met tamaties/eiers gegooi.
 - Hulle het nie die reaksie verwag wat hulle gekry het toe hulle daar aangekom het nie.
 - Hendrik het in 'n geveg betrokke geraak.
(Of soortgelyk)
(DRIE feite – Ten minste een feit moet na óf die **voorbereiding** óf die **aankoms** verwys.)
- (3)
- 10.14
- Dat hulle gesin nooit weer sou maak asof niks gebeur het nie.
 - Dat die gesin nie weer sou stilbly oor dinge wat belangrik was nie.
(Enige EEN)
- (1)
- 10.15
- Hendrik het gedink die dorpsmense het gekom om verder moeilikheid te maak.
 - Hendrik wou die gesin teen die dorpsmense beskerm.
(Enige EEN)
- (1)
- 10.16
- Die dorpsmense wou om verskoning kom vra het.
 - Die dorpsmense het sleg gevoel oor wat by die Volstruisdans gebeur het.
 - Die dorpsmense wou kom vrede maak het.
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
- 10.17.1 Onwaar.
- (1)
- 10.17.2
- Manuel was alreeds terug sirkus toe.
 - Manuel het Toorwater reeds teen daardie tyd verlaat.
 - Die mense het Manuel by die kerk gesien.
(Enige EEN)
- (1)
- 10.18
- C
 - C vrede
 - vrede
(Enige EEN)
- (1)

- 10.19
- Die verhoudings in Willem se gesin was weer normaal./Manuel se paljas het gewerk.
 - Willem kon weer praat.
 - Willem en sy gesin was weer gelukkig.
 - Willem se gesin het toe weer oor dinge gepraat wat hul gepla het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 10.20.1 B Willem (1)
- 10.20.2 D Manuel (1)
- 10.20.3 A Hendrik (1)
- 10.20.4 C Emma (1)
- 10.21
- Emma het weer begin klavier speel.
 - Emma het belangstelling in Nollie getoon/Nollie amper gesoen.
 - Emma het oor dinge wat haar gepla het, begin praat.
(Enige EEN) (1)
- 10.22
- Hendrik en Katrien het nuwe vriende met die dorpsmense gemaak.
 - Hendrik en Katrien het versoen geraak/mekaar gevind.
 - Hendrik en Katrien se verhouding het verbeter.
 - Hendrik en Katrien het saam gedans.
 - Hendrik en Katrien het saam gelag.
(Enige EEN) (1)
- 10.23
- Kommunikasie in 'n gesin is belangrik.
 - Dis belangrik dat gesinslede na mekaar luister.
 - 'n Gesin moet kan praat oor dinge wat belangrik is/moenie stilbly nie.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [35]**

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

STORIEJOERNAAL

VRAAG 11: OPSTELVRAAG

AGTER 'N BAARD – Hennie Aucamp

Sien aangehegte rubriek

By die nasien van hierdie opstel maak die memorandum vir soveel moontlike feite voorsiening. **Die kandidaat hoef nie al die feite te voorsien nie.** Laat ruimte vir alternatiewe, toepaslike feite. Die kandidaat moet in sy/haar antwoord verwys na AL drie die aspekte wat by elke vraag onder die verskillende koeëlpunte gegee word.

INLEIDING: Die kandidaat lei die opstelvraag sinvol in.

LIGGAAM:

Deon se aankoms op die stasie

- Deon het met die troepetrein by die stasie aangekom.
- Almal, insluitend Marina en hulle kind, het met vreugde vir hulle familielid/-lede gewag.
- Deon het 'n (opvallende) baard gehad.
- As gevolg van die baard het sy vrou (Marina) hom nie herken nie.
- Sy seun (Bennie) het hom herken.
- Deon se baard het die blye ontmoeting vertroebel.

Die gesin se reaksie op die baard

Bennie se reaksie:

- Bennie het gekla oor die baard wat hom seergemaak het toe Deon hom omhels en gesoen het.
- Bennie wou nie vir sy pa 'n drukkie gee nie.

Marina se reaksie:

- Die baard het Marina gepla.
- Marina het gekla dat sy Deon skaars herken het, want hy het 'n baard gehad.
- Marina het gevoel hy het anders gelyk as voordat hy grens toe gegaan het.
- Marina het gevoel sy kon nie met Deon kommunikeer nie.
- Marina het gevoel dat Deon 'n masker gedra het, want sy kon nie sy gesig behoorlik sien nie.
- Marina het gedink die baard was slordig.
- Marina het gesê dat een van die eerste dinge wat Deon moes doen, was om die baard af te skeer.
- Marina het gehoop dat Deon die baard sou afskeer toe hy gaan bad het.
- Marina het vir Deon gesê dat hy geen littekens op sy gesig gehad het om weg te steek nie.
- Marina het nie eintlik verstaan waarom Deon 'n baard gedra het nie.
- Uiteindelik het Deon kwaad geword omdat Marina nie kon ophou praat oor die baard nie.
- Nadat Marina aan die slaap geraak het, het hy uit die bed geklim en badkamer toe gegaan om die baard af te skeer.

Die gebeure nadat Deon die baard afgeskeer het

- Sonder sy baard kon Deon nie sy emosionele littekens weggesteek het nie.
- Marina het alles wat hy tydens die oorlog ervaar het, in Deon se gesigsuitdrukking gesien.
- Deon het alles oor die verskriklike dinge wat gebeur het, vertel.
- Deon het gehuil.
- Selfs sonder die baard, was dit nie die ou Deon wat huis toe teruggekom het nie.
- Dit het ook 'n negatiewe effek op Marina gehad, want sy kon nie daarna slaap nie. Sy was nie eers bewus daarvan dat sy herhaaldelik haar hand oop en toegemaak het nie. Dit was 'n nabootsing van die skietaksie van soldate tydens oorloë.
- Die afskeer van die baard het nie die gelukkige verlede terugbring nie.

SLOT: Die stelling word sinvol saamgevat en afgesluit.

[35]

VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG***Die storie van Piet se oupa – Abraham H de Vries***

- 12.1
- Die plaaslewe was nie vir Oupa nie.
 - Die plaaslewe was vir Oupa vervelig/eensaam.
 - Hy hou nie daarvan nie.
 - Hy wou nie daar bly nie.
- (Enige EEN) (1)
- 12.2
- Dit was Oupa se (tagtigste) verjaarsdag.
 - Oupa het verjaar.
- (Enige EEN) (1)
- 12.3 Die weduwee (s'n)/die oumatjie (s'n) (1)
- 12.4
- Die mense sou dink Oupa het by haar geslaap.
 - Sy het skaam/verleë gevoel.
 - Oupa was by haar tot laat in die nag.
 - Sy het gejok oor waar Oupa geslaap het.
 - Sy het geweet Oupa het wel by haar geslaap.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.5 Ja.
- Dit het my lekker laat lag.
 - Die gebruik van vreemde woorde, (soos byvoorbeeld “Ramkat”), is snaaks.
 - Die humor maak die storie interessant, want ek bly wonder wat Oupa volgende gaan doen.
- OF
- Nee.
- Piet het sy oupa onsensitief voorgestel.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.6
- B
 - B bewondering
 - bewondering
- (Enige EEN) (1)
- 12.7 Die weduwee het gesterf. (1)
- 12.8.1 Onwaar. (1)
- 12.8.2 Oupa het daarna by 'n ander weduwee in die ouetehuis gaan kuier. (1)

- 12.9.1 Waar. (1)
- 12.9.2 Dit het Oupa die kans gegee om die weduwee in die ouetehuis te besoek.
(Of soortgelyk) (1)
- 12.10.1
- Oupa en Doon het dieselfde belangstellings gehad.
 - Oupa en Doon het van dieselfde dinge gehou.
 - Oupa en Doon het baie dinge saamgedoen.
 - Hulle het goed oor die weg gekom.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.10.2
- Nie Oupa óf Doon het daarvan gehou om by die huis te sit nie.
 - Hulle het eendag saam na 'n klein plasie op Tulbagh gaan kyk.
 - Hulle was saam na 'n veeveiling toe.
 - Hulle het saam gaan wyn drink by 'n wynkelder.
 - Oupa en Doon het altyd eers hulle kele saam in die kroeg gaan natmaak, as hulle op die dorp gekom het.
 - Hulle het saam rondgery/dorp toe gegaan/rekeninge saam gaan betaal.
(Enige TWEE voorbeelde) (2)
- 12.11 Allegaartjie/"mixed grill"/ tjops en wors (1)
- 12.12
- Oupa sou mooi kon sien.
 - Vanuit die hoek kon hy na die (ryk) vrouens kyk.
(Enige EEN) (1)
- 12.13.1 Oupa is dood/oorlede/het gesterf. (1)
- 12.13.2 Dit was 'n sagter/mensliker/mooier/sensitiewe/simpatieke manier om die slegte nuus oor te dra. (1)
- 12.13.3 Metafoor/Eufemisme/Versagting (1)
- 12.14
- Trudie het die kos in 'n servet toegedraai om weg te neem.
 - Trudie het die kis gereël/die begrafnis begin reël.
 - Trudie het die familie gebel.
(Enige EEN) (1)
- 12.15.1 padwerke (1)
- 12.15.2 gate (1)
- 12.15.3 hart (1)
- 12.15.4 toetse (1)
- 12.16 Die een (ambulansman) het flou geval ✓ en die ander een (bestuurder) het weggehardloop.✓ (2)

- 12.17
- A
 - A wenkbrou
 - wenkbrou
(Enige EEN) (1)
- 12.18.1 A Matthys (1)
- 12.18.2 D Die dokter (1)
- 12.18.3 B Piet (1)
- 12.18.4 E Doon (1)
- 12.19 Nee.
- Oupa het selfs op tagtigjarige ouderdom verhoudings met vroumense gehad.
 - Oupa het sy eie verjaarsdagpartytjie op tagtigjarige ouderdom gereël.
 - Oupas is gewoonlik rustig.
 - Oupas bly graag by die huis/is werfhonde.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.20.1
- Oupa het wonderbaarlik (in die ambulans) herstel.
 - Oupa het besluit om die vleis waaraan hy “gesterwe” het, te eet.
(Enige EEN) (1)
- 12.20.2
- Die ambulanspersoneel se reaksie toe hulle vir Oupa gesien het, laat ’n mens lag/glimlag.
 - Ons lag/glimlag as ons oupa se opmerking lees van hoe lekker die vleis was wat hom “doodgemaak” het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 12.21
- ’n Mens moet die lewe ten volle geniet.
 - Dit maak nie saak hoe oud ’n mens is nie; jy kan steeds die lewe geniet.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]**TOTAAL AFDELING C: 35****AFDELING D: GEDIGTE****VERSJOERNAAL**

VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**Brief – R Fernel Abrahams**

- 13.1 (Aan sy) ma/moeder/mammie/mamma (½)
- 13.2
- Dit beteken die gedig is eenvoudig/opreg/eerlik.
 - Die gedig is sonder aanstellerigheid.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.3. anders (1)
- 13.4
- Dit hoort nie so nie.
 - Dit pas nie by haar nie.
 - Dit is nie reg nie.
 - Hy respekteer haar.
(Enige EEN) (1)
- 13.5 Die skoolbaadjie pas nie meer nie. (1)
- 13.6
- Die spreker wil hê sy ma moet aanvaar dat hy grootgeword het.
 - Die spreker wil hê sy ma moet hom verstaan.
 - Die spreker wil hê sy ma moet sy individualiteit erken/aanvaar.
 - 'n Ouer en 'n kind moet 'n goeie verhouding hê.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 13.7
- C
 - C liefde
 - liefde
(Enige EEN) (1)
- 13.8 (Oor die) dood (1)
- 13.9
- Vroeër het die spreker dalk gebid,✓ maar nou bid hy byna nooit nie.✓
- OF
- As kleiner kind het hy dalk in God geglo soos die ma hom geleer het,✓ maar nou glo die spreker nie sommer net nie.✓
(Enige EEN. Die twee kante moet gestel/geïmpliseer word. Indien die woord “meer” verskyn, word twee kante geïmpliseer.) (2)
- 13.10.1 Onwaar. (1)
- 13.10.2 "wonder"
(EEN woord) (1)

- 13.11
- Dit onderbreek sy gedagtegang.
 - Beklemtoring (van die reël).
 - Dit hef die reël uit.
 - Invoeging van ekstra inligting.
 - Dit dui 'n parentese aan.
(Enige EEN) (1)
- 13.12
- Om te beklemtoon dat hy steeds sy ma se kind bly.
 - Om die ma en kind se verhouding te beklemtoon.
 - Om te beklemtoon dat die spreker hom nie losgemaak het van die ma-kind-verhouding nie.
 - “(maar ek is) nog Ma se kind”
(Enige EEN)
(Die fokus is op die **verhouding**) (1)
- 13.13.1 C ooring (1)
- 13.13.2 D plastieklomme (1)
- 13.13.3 B 'skuus (1)
- 13.14
- Ouers moet aanvaar dat kinders grootword.
 - Ouers moet weet hulle kinders gaan nie grootword soos hulle gedink het nie.
 - Ouers moet toelaat dat kinders hulle eie lewens leef.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- [17½]**

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Die hanswors – S J Pretorius

- 14.1 nar/harlekin (½)
- 14.2 "afsigtelike"/afsigtelik
(Een woord) (1)
- 14.3.1 (Sy) rug/sy krom rug/sy boggel/sy vergroeide ruggraat/ruggraatpyn/rugpyn (1)
- 14.3.2
- Die mense het hom geterg/beledig/gespot/getart/gekoggel.
 - Die mense se optrede was lelik/onsensitief teenoor hom.
 - Die mense se woorde was venynig.
 - Die mense het oor hom geskinder.
 - Hy was eensaam.
 - Die mense het nie van hom gehou nie.
(Enige EEN) (1)

- 14.4. "vent"
(EEN woord) (1)
- 14.5.1 Waar. (1)
- 14.5.2 Hulle het ...
 - oor sy klere gepraat.
 - gewonder wat hy met sy geld gedoen het.
 - gewonder of daar iemand in sy lewe kon wees.
 - oor sy liggaamsreuke gepraat.
 - oor sy drankgebruik gepraat.
 (Enige EEN)
 (Eie woorde) (1)
- 14.6
 - Die hanswors was eensaam/alleen/is verwerp.
 - Die hanswors het uit sy ongelukkige omstandighede probeer ontsnap.
 - Die hanswors is nie deur die mense aanvaar nie.
 - Om sy pyn te vergeet.
 (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 14.7.1 C elisie (1)
- 14.7.2 D ellips (1)
- 14.7.3 A paarrym (1)
- 14.8 Hulle het gelag/geskater/hom bewonder.
(Aanhaling aanvaarbaar) (1)
- 14.9 (Sy) trane. (1)
- 14.10
 - Dit dui liefde aan.
 - Dit dui simpatie aan.
 - Dit dui aan dat sy klein was.
 (Enige EEN) (1)
- 14.11 "my kind"
(TWEË OPEENVOLGENDE woorde) (1)
- 14.12
 - Vir sy liefde/briewe/aandag/teenwoordigheid/versorging.
 - Vir die geld wat hy gestuur het.
 (Enige EEN) (1)
- 14.13
 - C
 - C hartseer
 - hartseer
 (Enige EEN) (1)

- 14.14
- Ek sou woedend gewees het.
 - Ek sou my werk verlaat het.
 - Ek sou soos die hanswors opgetree het en hulle geïgnoreer het.
 - Ek sou hulle probeer terugkry het.
- (Positiewe benadering ook aanvaarbaar, bv.: bou vriendskappe)
(Enige EEN of soortgelyk)
- (1)
[17½]

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

things that go bump in the night – Rosa Keet

- 15.1 dinge wat jy jou verbeel (½)
- 15.2
- Die spreker was bang./Dit was donker.
 - Die spreker het allerhande geluide in die huis gehoor wat hom/haar bang gemaak het.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 15.3 (Van) die trap (af) (1)
- 15.4
- Dit is juis wat jy hoor, wat jou bang maak.
 - As 'n mens bang is, hoor jy gewoonlik allerhande geluide.
 - As jy alleen is, klink naggeluide harder.
- (Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 15.5
- Die spreker was vaak, ✓ maar kon nie slaap nie. ✓
 - Dit is ironies dat die spreker in sy/haar eie huis ✓ verdwaal het. ✓
 - Die spreker was bang, ✓ maar het in die gange rondgeloop. ✓
 - Die spreker was vaak, ✓ maar hy/sy het (in die gange) rondgeloop. ✓
- (Enige EEN) (2)
- 15.6
- B
 - B vrees
 - vrees
- (Enige EEN) (1)
- 15.7.1 Om die spreker se vrees te beklemtoon. (1)
- 15.7.2 "ek is bang" (1)
- 15.8.1 Waar. (1)
- 15.8.2
- Die spreker sal nie meer bang wees as die ander persoon huis toe kom nie.
 - Die spreker dui aan dat hy/sy sal bang bly totdat die "jy" terugkom.
- (Enige EEN)
(Eie woorde) (1)

- 15.9.1 B alliterasie (1)
- 15.9.2 A assonansie (1)
- 15.9.3 D vergelyking (1)
- 15.10. (In die) spens (1)
- 15.11.1 (Met 'n) slang (1)
- 15.11.2 Dié klank word met die (sis)geluid wat slange maak, geassosieer. (1)
- 15.12
- Met die dood/met 'n begrafnis/'n lyk
 - Die spreker se vrees word met die kis geassosieer.
(Enige EEN) (1)
- [17½]**

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Wie's Hy? – Adam Small

- 16.1 vrye vers/gebroke rym (½)
- 16.2 maar (1)
- 16.3
- Dit beklemtoon die kern van die gedig, naamlik, wie die ware digter is.
 - Die spreker probeer die antwoord op die vraag kry.
 - Om die leser te laat dink.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.4 Julle het baie te sê/praat so baie (oor die digter). (1)
- 16.5 Mense dink ...
- die tradisionele digter skryf met pen en ink.
 - die tradisionele digter sit in 'n studeerkamer/"study".
 - die tradisionele digter dink gedigte uit.
 - Die tradisionele digter is "die ou moerie pen ennie ink✓/wat in sy study sit.✓/en poems dink".✓
(Enige TWEE feite) (2)
- 16.6
- Die spreker verwys neerhalend/minagtend/sonder respek na die tradisionele digter.
 - Die spreker verwys na die idee dat die tradisionele digter manlik is.
 - Die spreker sluit aan by die informele styl van die gedig.
(Enige EEN) (1)
- 16.7
- Dit is die keerpunt/draaipunt in die gedig.
 - Om te beklemtoon dat die mense verkeerde idees oor die ware digter het.
(Enige EEN) (1)

- 16.8.1 B “djulle” (1)
- 16.8.2 C “die ou” (1)
- 16.8.3 D “study” (1)
- 16.9.1 Onwaar. (1)
- 16.9.2
- Die boodskap is dat die gewone man/die man op straat eintlik die ware digter is.
 - “djulle is mistaken”
(Enige EEN) (1)
- 16.10
- A
 - A snaakse sêgoed te hê.
 - snaakse sêgoed te hê.
(Enige EEN) (1)
- 16.11 Verkeerde dinge/onreg/dinge wat elke dag gebeur. (1)
- 16.12 (Die gewone man op straat) wil hê dat God as getuie/hulp moet optree/moet sien wat gebeur. (1)
- 16.13
- Die digter wil wys dat Kaapse Afrikaans, benewens Standaardafrikaans, ook bestaanreg het.
 - Die feit dat hierdie gedig juis in Kaapse Afrikaans geskryf word, bewys dat Kaapse Afrikaans goed genoeg is as taal waarin daar gedig kan word.
 - Die gewone mens op straat (wat Kaapse Afrikaans praat) kan ook gedigte skryf.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)
- 16.14 Ja.
- Baie digters skryf oor dinge en mense waarvan hul nie deel is nie.
 - Baie digters se gedigte word “uitgedink”, met ander woorde kunsmatig gevorm.
- OF
- Nee.
- Baie digters skryf spontaan gedigte omdat hulle die prikkel gekry het.
 - Baie digters is nie stywe studeerkamerdigters nie, maar doodgewone mense wat oor doodgewone dinge skryf.
 - In strofe 2 word die idee in strofe 1 weerspreek.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal.

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoording en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80–100%	Uitmuntend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmuntende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmuntend 08–10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70–79%	Verdiensielik 17½–19½ Punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7–7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60–69%	Beduidend 15–17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamlik gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6–6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50–59%	Voldoende 12½–14½ Punte	Taamlike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5–5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40–49%	Matige 10–12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoording uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4–4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30–39%	Basiese 7½–9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3–3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0–29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoording uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0–2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

NOVEMBER 2013

PUNTE: 70

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 35 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Moenie die hele vraestel deurlees nie.
2. Die vraestel bestaan uit VIER afdelings:

AFDELING A: Roman	(35)	}	Kies EEN vraag uit die afdeling/ afdelings wat jy behandel het.
AFDELING B: Drama	(35)		
AFDELING C: Kortverhale	(35)		
AFDELING D: Gedigte	(35)		Kies TWEE vrae indien jy hierdie afdeling behandel het.
3. Dui die vraagnommers van die TWEE letterkundetekste wat julle behandel het op die inhoudsopgawe op bladsy 3 aan.
4. Lees dan die vrae oor hierdie TWEE letterkundetekste.
5. Kies die vraag wat jy wil doen, volg die instruksies en beantwoord die vrae.

LET WEL: Indien jy AFDELING D (Gedigte) beantwoord, moet jy TWEE vrae uit hierdie afdeling kies.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
8. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
9. Voorgestelde tydsindeling: Ongeveer 60 minute per afdeling
10. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Opstelvraag	35 punte	4
OF			
2. <i>Kringe in 'n Bos</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	4
OF			
3. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Opstelvraag	35 punte	8
OF			
4. <i>Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	8
OF			
5. <i>Meeulanders</i>	Opstelvraag	35 punte	12
OF			
6. <i>Meeulanders</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	12

OF**AFDELING B: DRAMA**

Beantwoord net EEN vraag.

7. <i>Poppie, die drama</i>	Opstelvraag	35 punte	16
OF			
8. <i>Poppie, die drama</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	16
OF			
9. <i>Paljas</i>	Opstelvraag	35 punte	20
OF			
10. <i>Paljas</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	20

OF**AFDELING C: KORTVERHALE**

Beantwoord net EEN vraag.

11. <i>Agter 'n baard</i>	Opstelvraag	35 punte	24
OF			
12. <i>Die storie van Piet se oupa</i>	Kontekstuele vraag	35 punte	24

OF**AFDELING D: GEDIGTE**

Beantwoord die vrae oor enige TWEE van die gedigte.

13. Brief	Kontekstuele vraag	17½ punte	28
OF			
14. Die hanswors	Kontekstuele vraag	17½ punte	30
OF			
15. things that go bump in the night	Kontekstuele vraag	17½ punte	32
OF			
16. Wie's Hy?	Kontekstuele vraag	17½ punte	34

AFDELING A: ROMAN**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 1: OPSTELVRAAG****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die rol wat die volgende mense in Saul se lewe gespeel het:

- Maska as hart-broer
- MacDonald as werkgewer
- Abraham Steyn as leermeester

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	"Ons moet net eers 'n rukkie wag en kyk of dit nie opklaar nie," het hy
2	nogtans uitstel probeer soek. "Gaan lê in die tent dat jou oë dit nie sien nie."
3	"Nee! Help my, Barnard! Kry my hier uit!"
4	Toe hy hom die beker tee in sy hand gee, het Saul vir die eerste keer
5	werklik geskrik. Patterson het die kokende tee uit sy hand laat val, oor sy
6	bene, en dit skynbaar nie gevoel nie. 'n Bang man is een ding, 'n man wat van
7	vrees aan die mal raak is, 'n ander ding. En hy het deur die as en die tee
8	gekuip om Saul weer om die enkels beet te kry.
9	"Staan op, Patterson! Jy smeer jou vuil!"
10	"Help my! Help my! Help my!"
11	Dit was aardig. En die plan het skielik in Saul opgekom.
12	Sonder skroom en skuldgevoel. "Patterson!" Hy het afgebuk en hom op sy
13	voete gehelp. "Kyk na my! Ons kan oppak en omdraai, ons gaan terug dorp
14	toe, Patterson! Hoor jy wat ek sê?"
15	"Help my, Barnard!"

- 2.1 Waar is die "hier" waarna Patterson verwys? (Reël 3) (1)
- 2.2 Watter leuen oor hoekom Patterson Bos toe moes gaan, het MacDonald vir Saul vertel? (1)
- 2.3 Watter werk het Patterson gedoen voordat hy Bos toe gekom het? (1)

- 2.4 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

MacDonald het Saul gevra om Patterson Bos toe te neem omdat ...

- A MacDonald vir Saul van Kate af wou weghou.
B Saul die Bos goed geken het.
C Saul geweet het waar die goud was.
D MacDonald vir Saul in sy mag wou hou. (1)
- 2.5 Wat was MacDonald se planne indien Patterson goud sou vind? (1)
- 2.6 Gee EEN rede waarom Patterson, volgens die uittreksel, so bang was. (1)
- 2.7 Het jy simpatie met Patterson se optrede in reël 5–15? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.8 Wat, dink jy, is die rede vir die herhaling van die woorde "Help my!" in reël 10 en 15? (1)
- 2.9 Saul het besluit om Patterson te help om terug te gaan dorp toe.
- 2.9.1 Op watter voorwaarde het Saul besluit om Patterson te help? (1)
- 2.9.2 Dink jy dit was reg dat Saul 'n voorwaarde gestel het om Patterson te help? Motiveer jou antwoord. (1)
- 2.10 Watter plan het Saul gemaak om Patterson veilig tot by oom Martiens-hulle te kry? (1)
- 2.11 Gee DRIE feite wat aanleiding tot Arend se dood gegee het. (3)
- 2.12 Saul en Joram se siening oor die delf van goud het verskil.
- 2.12.1 Wat was Saul se siening oor hierdie gouddelwery? (1)
- 2.12.2 Wat was Joram se siening oor hierdie gouddelwery? (1)
- 2.13 Watter keerpunt het Arend se dood in Saul se lewe gebring? (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

- | | |
|---|--|
| 1 | Die gebied waar die delwers was, het later te groot geword om elke |
| 2 | Sondag na te loop en te bespied. Hy het toe maar om die beurt in elke rigting |
| 3 | waar hy geweet het delwers is, geloop. As hy 'n geweer had, het hy sekerlik 'n |
| 4 | klompie van hulle geskiet! |

5 "Is dit nodig dat julle die hele Bos moet uitroei om by die goud te kom!?"
 6 kon hy hom een Sondag nie bedwing nie. Duskant 'n tent, teen 'n jong
 7 kalandar was die bokskedels in rye vasgespyker, en asof hulle kleur aan die
 8 uitstalling wou gee, is die oopgespreide loerievlerke tussenin vasgemaak. Op
 9 die vuurhouthoop het net stinkhout opgestapel gelê. En toe wil die Ier hom
 10 nog vererg ook.
 11 "Kyk hierso, Dutchman, jy het niks met ons te doen nie! Kry jou loop en
 12 loop kap jou hout!"
 13 "Hier is genoeg dooihout in die Bos om mee vuur te maak," het Saul hom
 14 ingelig, "maar julle maak met die skaarsste hout in die Bos vuur en kom sê vir
 15 my ek het niks daarmee te doen nie?"
 16 Daar was drie van hulle by die tent. "Ons het nie jou opinie gevra nie!"
 17 skree een van die ander twee. Saul het geweet hy gaan sy hande op daardie
 18 Sabbatdag laat sonde doen.

2.14 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf net die vraagnommer (2.14.1–2.14.4) en die antwoord neer.

houtkappers; olifantjagters; bosbewaarders; verraaiers;
 goudkopers; goudelwers; houtkopers; spioene

Dit was Harison, een van die (2.14.1) ... wat Saul vir die eerste keer bewus gemaak het van die belangrikheid van die bewaring van bome. Harison het met die (2.14.2) ... hieroor gepraat. Hulle kon hul houtlisensies verloor het as hulle die verkeerde bome afgekap het. Dit was egter die (2.14.3) ... van Knysna en die (2.14.4) ... wat van oral af ingestroom het, wat hulle nie aan Harison se uitsprake gesteur het nie. Hulle het nie omgegee dat die Bos uitgeroei word nie. (4)

2.15 Arend het heeldyd geglo dat Saul onskuldig was.

2.15.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.15.1. (1)

2.16 Al hoe meer delwers het die Bos binnegekom. Saul het die delwers probeer bangmaak om hulle uit die Bos weg te kry en die Bos te beskerm.

2.16.1 Op watter TWEE maniere het Saul die delwers op hierdie stadium probeer bangmaak? (2)

2.16.2 Het Saul reg teenoor die delwers opgetree? Motiveer jou antwoord. (1)

2.16.3 Op watter ander aanvaarbare manier, dink jy, kon Saul ook probeer het om die delwers uit die Bos te kry? (1)

2.17 Saul en Peter Crompton het mekaar ontmoet toe **Saul besig was om die delwers uitmekaar te jaag.**

2.17.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.17.1. (1)

2.18 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (2.18.1–2.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.18.1	... het vir Saul baie oor die Bos geleer.	A	Stopforth
2.18.2	... het Saul se eerste goud gekoop.	B	Steyn
2.18.3	... was die bestuurder van 'n mynmaatskappy.	C	Joram
2.18.4	Saul het by ... geleer hoe om meubels te maak.	D	Barkley
		E	Terblans

(4 x 1) (4)

2.19 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Saul is later in die hoë sosiale kringe van Knysna aanvaar, want hy ...

- A kon meubels maak.
- B het ryk geword.
- C was 'n houtkapper.
- D was snobisties.

(1)

2.20 Aan die einde van die verhaal het Saul besluit om in die Bos te bly. Watter waarde het hierdie besluit van Saul vir die Bos gehad?

(1)
[35]

OF

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**VRAAG 3: OPSTELVRAAG*****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van Mana as unieke karakter.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Mana se idees oor 'n pa vir Hanna en Tibo
- Mana wat anders as ander ma's was
- Mana se kleredrag

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG*****DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver***

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	... Ek is besig om aan die slaap te raak. Ek voer 'n eensame stryd teen 'n
2	bose koningin wat almal om haar betower.
3	Behalwe vir my. Wees verseker, liewe leser. Hanna Heks gaan
4	haar nie laat betower nie!
5	Dit voel soos 'n droom. Vir die eerste keer in tien dae word ek nie
6	douvoordag deur Beyers uit die bed geboender nie. Ek word saggies wakker
7	van 'n opgewonde fluister in my kamer. Toe ek my oë oopmaak, staan hulle
8	almal langs my bed, Sharon heel voor met haar Julia Roberts-glimlag en 'n
9	volgelaaide skinkbord in haar hande, die ander om haar saamgedrom. En
10	hulle sing vir my!
11	"Veels geluk, liewe maatjie ..." sing hulle almal saam, uit volle bors, party
12	taamlik vals.
13	Selfs Yann sing saam. Met 'n spottende trek om sy mond, asof hy my wil
14	waarsku om dit asseblief tog net nie ernstig op te neem nie. Die blonde
15	koningin sing ook saam. Nie spottend nie. En ook nie vals nie. Om die
16	waarheid te sê, sy het 'n fantastiese stem. Sy laat die afgesaagde verjaars-
17	dagliedjie soos 'n kabaretnommer klink. Ek vee die slaap uit my oë en trek my
18	vingers deur my hare en ek hoop ek lyk nie té afskuwelik nie. Ek wil hulle nie
19	afskrik voor hulle kans gekry het om hulle presente te oorhandig nie. Hulle
20	hou omtrent almal geskenkpakkies vas. Nie Yann nie (natuurlik nie) maar al
21	die ander. Selfs Margot.

- 4.1 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

... het vir Hanna "Hanna Heks" genoem.

- A Sharon
- B Mana
- C Yann
- D Beyers

(1)

- 4.2 Yann en Hanna se verhouding het verbeter. Gee TWEE feite deur te verwys na die oggend van Hanna se verjaarsdag.

(2)

- 4.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Margot en Sharon wou Hanna grimeer, want Hanna het haarself altyd beskryf as 'n (blonde pop met 'n brein/gemiddelde vaal meisiekind).

(1)

- 4.4 Gee DRIE redes waarom Hanna vir Margot die "**bose** koningin" genoem het. (Reël 1–4)

(3)

- 4.5 Kies elke keer die persoon uit KOLOM B wat by die geskenk in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (4.5.1–4.5.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
4.5.1	Sjokolade	A	Gavin
4.5.2	Grimeerstellietjie	B	Beyers
4.5.3	'n Bundeltjie met sonnette	C	Margot
4.5.4	'n Grys oortrektrui	D	Amos
		E	Sharon

(4 x 1) (4)

- 4.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Hanna het gevoel dat haar pa haar nie geken het nie, want hy het die vorige keer vir haar 'n ... as geskenk gegee waarvan sy nie gehou het nie.

- A cashmere trui
- B grys oortrektrui
- C stywe jeans
- D stywe slangvelbroek

(1)

- 4.7 Vertel hoe Margot die volgende karakters beïndruk het:
- 4.7.1 Tibo (1)
- 4.7.2 Sharon (1)
- 4.8 Mana het vir Hanna op haar vyftiende verjaarsdag 'n boek as geskenk gegee.
- 4.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.8.1. (1)
- 4.9 Gavin wou graag by Hanna se verjaarsdag wees.
- 4.9.1 Waarom was dit vir Gavin moontlik om Hanna se verjaarsdag by te woon? (1)
- 4.9.2 Wat het Gavin gedoen om Hanna se verjaarsdag vir die hele gesin spesiaal te maak? (1)
- 4.10 Hoe het Gavin se voorkoms verskil van toe hy by die berghuis opgedaag het en hoe hy gewoonlik gelyk het? (2)
- 4.11 Watter karaktereienskap van Gavin het Margot met Gavin se aankoms waardeer? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1 "Maar dis nie ... dit kan tog nie ... dis mos heeltemal te vroeg?" stotter
2 Beyers, sy gesig doodsbleek.
3 "Hanna is ook 'n paar weke vroeg gebore," sê Mana terwyl sy weer stadig
4 regop sit.
5 "As ek dit geweet het," roep Beyers uit, "het ek nóóit hier op die berg kom
6 vakansie hou nie!"
7 "Ek het nie geweet ons gaan vasgereën word nie, Bey. Ek het gedog as
8 iets gebeur, sal ek wel betyds by 'n hospitaal kan uitkom ..."
9 "En nou?" Beyers hap na lug soos een wat besig is om te verdrink. Ek het
10 hom nog nooit so paniekerig sien lyk nie. "Wat nou?"
11 "Wel, dit lyk nie of hierdie babatjie in 'n hospitaal gebore gaan word nie," sê
12 my ma met 'n dapper glimlag.
13 "Maar waar ... wat gaan ons ... wat gaan gebeur?" stotter Tibo, amper so
14 bleek soos Beyers.
15 "Dis te vroeg!" kerm Beyers.
16 "Hanna was 'n gesonde baba, Bey, al het sy te vroeg opgedaag. Ek weet
17 nie, miskien het ek my misgis met die datum. Jy weet hoe sleg is ek met
18 datums ..."

- 4.12 Hoekom was Margot die ideale persoon om vir Mana met die baba se geboorte te help? (1)

- 4.13 Wat het Gavin onthou van die eerste keer toe hy Hanna na haar geboorte gesien het? (1)
- 4.14 Watter naam sou Gavin vir Hanna gegee het as hy vir haar 'n naam kon kies? (1)
- 4.15 Hanna het glad nie omgee vir haar pasgebore babasussie nie.
- 4.15.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 4.15.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 4.15.1 deur spesifiek te verwys na Hanna se voorneme toe sy haar sussie gesien het. (1)
- 4.16 Hoekom wou Mana vir die babasussie 'n naam gegee het wat iets met water te doen gehad het? (1)
- 4.17 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.17.1–4.17.4) en die antwoord neer.
- | |
|--|
| begrafnis; konsert; viertrekvoertuig; rol;
partytjie; onderhoud; helikopter; geboorte |
|--|
- Aan die einde van die verhaal, na die baba se geboorte, was almal rustig. Sharon se pa het hulle met 'n (4.17.1) ... kom haal. Margot sou betyds in Johannesburg wees vir haar (4.17.2) ... Gavin sou by die kinders agterbly en hulle aandag aflei met 'n (4.17.3) ... Hanna het respek vir haar pa gekry, want sy het toe Mana se woorde verstaan dat hy selfs lewe in 'n (4.17.4) ... kon blaas. (4)
- 4.18 Waarom hou die leser **aan die einde** van die verhaal meer van Margot as **aan die begin**? (2)
- 4.19 Hoe, dink jy, het hierdie roman gehelp om die idee oor stiefma's of stiefpa's te verander? (1)
- 4.20 Waarom, dink jy, was die wittebroodplan uiteindelik 'n goeie idee? (1)

[35]**OF**

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**VRAAG 5: OPSTELVRAAG*****MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende rol(le) wat Fred en Schalk in Jacob Langhans se lewe gespeel het:

- Schalk Blanckenberg se negatiewe rol
- Fred Blanckenberg se negatiewe rol
- Fred Blanckenberg se positiewe rol

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG*****MEEULANDERS* – Esta Steyn**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Toe sy hoor hoe Jannerik buite in die tuintjie vroetel, gaan sy uit. Hy's besig om
2	twee groot koolkoppe af te sny.
3	"Hoe laat is dit, Mama-Meeu?"
4	"Vieruur."
5	"Die Meeuw sal darem seker teen halfvyf inkom."
6	"Wil jy 'n bietjie koffie drink, Jannerik?"
7	"Dankie, Mama-Meeu."
8	Hulle sit met hulle bekere koffie buitekant by die buitetafeltjie wat Attie aanme-
9	kaar getimmer het. Sy sien hoedat hy kort-kort met sy sakdoek oor sy oë vee en
10	see toe kyk. "Miskien sal Twilight nie weer vir Pikkewyntjie wil laat gaan nie."
11	"Ek weet nie, Jannerik. Ek weet regtig nie."
12	Hy sug diep. "Mama-Meeu?"
13	"Ja, Jannerik?"
14	"Ons moet 'n boom plant."
15	Sy kyk hom intens aan.
16	"Ousanna het eenmaal gesê dat 'n mens 'n boom moet plant wanneer mens
17	pyn het. Dan groei die pyn in die takke in. En hoe groter lat hy word, hoe minder
18	word mens se pyn."
19	"Glo jy dit, Jannerik?"
20	"Die Here gee ons wat ons norig het om te groei. As ons 'n boom plant, sal
21	ons kan sien hoelat ons gegroei het, dwarsdeur ons swaar tye. En dan sal hy
22	hier staan ... vir eendag, wanneer ons nie meer hierso is nie."
23	"Sal 'n boom hier groei, Jannerik?"
24	"Kykie koolkoppe, Mama-Meeu. Kyk ons petunias ..."

- 6.1 Vir wie het Jannerik en Ryna gewag om met Die Meeuw te kom? (Reël 5) (1)
- 6.2 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Jannerik se diep sug (reël 12) het daarop gedui dat hy ... was.
- A geskok
B hartseer
C teleurgesteld
D onbedagsaam (1)
- 6.3 Waarom het die karakters ook ander name soos Mama-Meeu, Twilight en Pikkewyntjie in die roman gehad? (1)
- 6.4 Jannerik was bang dat Elsabet vir Janka van die eiland af sou wegvat. Het Jannerik rede gehad vir hierdie vrees? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)
- 6.5 Hoekom het Jannerik op hierdie stadium aan Ousanna se woorde gedink? (Reël 16–18) (1)
- 6.6 Gee TWEE voorbeelde uit Jannerik se lewe waar die volgende woorde van Ousanna waar geword het: "En hoe groter lat hy word, hoe minder word mens se pyn." (Reël 17–18) (2)
- 6.7 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (6.7.1–6.7.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.7.1	Jannerik se suster wat sy omstandighede geken het	A	Miena
6.7.2	Jannerik het hierdie karakter vertrou en hulle was sielsgenote.	B	Kinnie
6.7.3	Jannerik se kleinkind	C	Ousanna
6.7.4	Jannerik se dogter wat 'n getroude man se kind gekry het	D	Ryna
		E	Janka

(4 x 1) (4)

- 6.8 Elsabet was 'n ongelukkige mens op die eiland. Hoe het Elsabet die eiland beleef? (1)
- 6.9 Gee 'n voorbeeld uit die verhaal wat aandui dat Elsabet vir Ryna as 'n vriendin beskou het. (1)
- 6.10 Waarom was dit vir Ryna die regte besluit om uit Kaapstad na Meeuland toe te kom? (1)

- 6.11 Hoe het Ryna die eiland ervaar toe sy daar gebly het? (1)
- 6.12 Hoe het Schalk bygedra tot die hartseer in Ryna se lewe voordat sy uit die Kaap weg is? (1)
- 6.13 Ryna was nog baie hartseer oor haar man en seun se dood.
- 6.13.1 Waarom het Ryna, toe sy vir Daniel ontmoet het, na hom gestaan en staar? (1)
- 6.13.2 Hoe het Ryna se lewe ten opsigte van hierdie hartseer aan die einde van die verhaal verander? (1)
- 6.14 Kies elke keer die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die feit dat 'n boom ook op Meeuland groei, simboliseer dat Meeuland ...
- A ideaal was vir mense wat lief was vir tuinmaak.
 B se grond vrugbaar was as gevolg van die ghwano.
 C mense heel en gelukkig kon maak.
 D 'n ideale wegkruipplek was. (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Hy kyk haar magteloos aan. "Ryna ... ek dink nie ooit aan Janka as enigiemand anders se kind nie."
2	"Ek weet dit. Ek ook nie. Maar daar is feite ... wat ons in die gesig moet kyk ... en jy weet ... so goed as ek wat dit is."
3	Sy stem breek en dit word ondraaglik om hom so te sien. "Sy's myne."
4	Die woorde wat niemand nog ooit wou uitspreek nie, kom stadig oor haar lippe: "Wat gaan ons maak as sy miskien later verander en ... nie blank lyk nie? En haar maatjies spot haar. Wat dan?"
5	'n Diep pynlike woede breek in hom los. "Dan is sy nog altyd myne! Die Here weet dat ek nie omgee watse kleur sy is nie! Hy het haar vir ons voorsien. Hy sal verder ook voorsien." Hy draai effens weg van haar, druk sy vuus teen die muur en bly so staan met sy liggaam snaarstyf gespan. Sy kyk hom 'n lang, ontsettende oomblik aan en sy voel 'n oneindige deernis in haar opwel. Sy het behoefte om haar arms om hom te slaan en hom te troos.
6	"Jacob ..." Hy kyk haar gebroke aan. "Nag," sê sy en loop uit.

- 6.15 Jacob en Ryna het 'n geheim met mekaar gedeel.
- 6.15.1 Watter geheim het Jacob en Ryna van die aand met die baba se geboorte af gedeel? (1)
- 6.15.2 Wie het ook hierdie geheim met Jacob en Ryna gedeel? (1)
- 6.15.3 Hoe het Ousanna van hierdie geheim geweet? (1)

- 6.16 Ryna wou Jacob met die feite oor Janka **seermaak**. (Reël 3)
- 6.16.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 6.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.16.1. (1)
- 6.17 Jacob ervaar "'n Diep pynlike woede". (Reël 9)
- Vertel van DRIE hartseer gebeurtenisse in Jacob se lewe wat hierdie diep woede by hom veroorsaak het. (3)
- 6.18 Hoe word Jacob as gelowige mens in die uittreksel uitgebeeld? (1)
- 6.19 Attie het besluit om **vir altyd** op die eiland te bly.
- 6.19.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 6.19.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 6.19.1. (1)
- 6.20 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (6.20.1–6.20.4) en die antwoord neer.

gastekamer; skilderlesse; navorsingstasie; onderwys; buitekamer; tronkstraf; opleidingstasie; kontrak
--

Meeuland speel 'n sentrale rol in baie karakters se lewens. Aan die einde van die verhaal het die Parkeraad besluit dat Meeuland as (6.20.1) ... gesluit moes word. Dit het 'n effek op baie karakters se lewens gehad. Jacob moes eers sy (6.20.2) ... uitdien. Ryna het op Salamanderbaai gaan bly en (6.20.3) ... gegee. Jannerik sou by Ryna in die (6.20.4) ... gaan bly.

(4)
[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****VRAAG 7: OPSTELVRAAG****POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel hoe die volgende vroue Poppie se lewe beïnvloed het:

- Ouma Hannie
- Mama
- Mrs Swanepoel

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG****POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	POPPIE. Hulle het my 'n extension van ses maande gegee, maar toe ek ná
2	ses maande weer daar kom, ek het toe nog nie werk gekry nie, want ek het
3	al drie kindertjies tuis gehad en met my man se siekte was dit moeilik – toe
4	kyk Mr Strydom my pas en hy sê:
5	MR STRYDOM. Jy kwalifiseer nie hier in die Kaap nie. Jy is getroud met 'n
6	man uit die Ciskei, jy moet Ciskei toe.
7	POPPIE. Dit is die eerste keer dat ek dié woorde hoor. Ek het gedink: hulle
8	het my hier na die Kaap toe gebring – hulle sal mos nie nou so sê nie. (<i>Draai</i>
9	<i>na Mama.</i>) Mama ...
10	MAMA. Ja, Poppie?
11	POPPIE. ... Hulle wil my Kafferland toe stuur!
12	MAMA. Dan moet jy sorg dat jy werk kry. As jy werk het, kan hulle jou nie
13	wegstuur nie. Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas.
14	POPPIE. Nee, Mama – Katie moet nie haar skool verloor nie. Ek sal maar
15	self klaarkom.

8.1 Poppie het gesê: "... hulle het my hier na die Kaap toe gebring." (Reël 8)

8.1.1 Wie was die "hulle" van wie Poppie gepraat het? (1)

8.1.2 Waarom, dink jy, was dit reg dat Poppie Lambertsbaai verlaat het? (1)

8.1.3 Waar in die Kaap moes die swart mense gaan bly het? (1)

8.1.4 Van watter wet het Poppie vir die eerste keer in die Kaap gehoor? (1)

- 8.2 Watter soort werk het Poppie se man in Lambertsbaai gedoen? (1)
- 8.3 By watter plek in Phillipi het Stone werk aanvaar? (1)
- 8.4 Poppie was **baie bly** oor die werk wat Stone in die Kaap gekry het.
- 8.4.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 8.4.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.4.1 deur te verwys na Poppie se reaksie toe sy van Stone se werk gehoor het. (1)
- 8.5 Mama het gesê: "Katie moet maar die skool los en jou kinders kom oppas." (Reël 13)
- 8.5.1 Watter ooreenkoms is daar tussen Mama se plan in reël 13 en Poppie se kinderjare? (1)
- 8.5.2 Watter plan het Poppie met haar kinders gemaak? (1)
- 8.6 Watter TWEE vereistes het Poppie aan Mr Stevens vir haar nuwe blyplek gestel? (2)
- 8.7 Hoekom het Stone nie saam met Poppie-hulle na die Ciskei toe getrek nie? (1)
- 8.8 Kies elke keer die plek in KOLOM B wat by die sin in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.8.1–8.8.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.8.1	Poppie het hier as kind met die dorpslewe kennisgemaak.	A	Mdantsane
8.8.2	Poppie het vir Stone hier ontmoet.	B	Lambertsbaai
8.8.3	Mr Stevens het gedink dit sou vir Poppie beter wees om daarnatoe te trek.	C	Upington
		D	Herschell
8.8.4	Poppie se skoonouers het hier gewoon.	E	Nyanga

(4 x 1) (4)

- 8.9 Daar was konflik tussen Poppie en Bonsile omdat Poppie vir Bonsile wou saamneem Ciskei toe en Bonsile by sy pa wou gebly het.
- 8.9.1 Met wie se standpunt (Poppie s'n of Bonsile s'n) stem jy saam? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.9.2 Was dit regverdig dat Stone nie deel van die besluit oor die kinders se verhuising na die Ciskei toe was nie? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

8.10 Die verskuiwing na die Ciskei was nie goed vir Poppie en Stone se verhouding nie. Motiveer die stelling. (1)

8.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (8.11.1–8.11.4) en die antwoord neer.

hospitaal;	kerk;	inrigting;	kwekery;
melkery;	regering;	skool;	universiteit

Die enigste manier waarop Poppie 'n pas kon kry, was deur te bewys dat sy 'n werk het. Haar eerste werk in die Kaap was by 'n (8.11.1) ... waar sy 'n inslaapwerk gekry het en lang ure vir min geld gewerk het. Toe Stone Kaap toe gekom het en 'n werk gekry het, kon Poppie 'n halfdagwerk vat en meer by haar kinders wees, maar Stone het siek geword en is in 'n (8.11.2) ... opgeneem. Poppie was later moedeloos en het in die (8.11.3) ... gaan troos soek soos ouma Hannie haar geleer het. Na Stone se dood het sy deur Mrs Swanepoel, wie se man vir die (8.11.4) ... gewerk het, dit reggekry om 'n wettige pas te verkry. (4)

8.12 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Poppie het voorgestel dat Bonsile na Stone se dood moes teruggaan skool toe, want ...

- A sy kon nie vir hom 'n werk by die garage-eienaar kry nie.
- B hy sou nog meisies swanger gemaak het.
- C Poppie was bang hy sou ook by die onrus betrokke raak.
- D Poppie was bang hy mors haar geld op vreemde dinge in die Kaap. (1)

8.13 By wie het Poppie se twee dogters na Stone se dood gaan woon? (1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	PLANK. Die kind was sieklik en verwaarloos, in die sorg van 'n ou vrou wat
2	vir geld kinders oppas. Die kind is makwena, agterlik, hy kruip nie, hy speel
3	nie en hy ken nie mense nie, sê die ou vrou vir Poppie. Poppie het 'n diep
4	skaamte gevoel dat bloed van haar bloed soos 'n weggooikind moet groot-
5	word.
6	POPPIE. Ek kan hom nie hier laat staan nie. Hy sal van honger en ver-
7	waarlosing doodgaan. Hy kan by Mosie en Rhoda in die huis bly, en Katie
8	moet die skool los en hom oppas. En as ek dan vir Fezi nie kan terugneem
9	Kaap toe nie en hy hier by Bonsile moet agterbly, dan is dit soos die Here dit
10	beskik het. Die Here het my 'n kindjie gegee, en Hy het een geneem.

8.14 Poppie het besluit dat Katie die skool moes los om Bonsile se kind op te pas. (Reël 7–8)

Waarom kan 'n mens sê dat Poppie dus van besluit verander het as jy die stelling hierbo lees? (1)

- 8.15 Poppie het in reël 10 gesê: "Die Here het my 'n kindjie gegee, en Hy het een geneem."
- 8.15.1 Wat vertel hierdie woorde oor Poppie se geloof? (1)
- 8.15.2 Wat het Poppie bedoel met die woorde "en Hy het een geneem"? (1)
- 8.16 Dit was vir Vukile veiliger in die Kaap as in Mdantsane.
- 8.16.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 8.16.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.16.1 deur na Tweede Kersdag se gebeure te verwys. (1)
- 8.17 Toe Bonsile gebore is, het Poppie geglo: "iets het reggekam", maar sy het uiteindelik baie probleme met hom gehad.
- Noem enige TWEE probleme wat Bonsile vir Poppie in die Ciskei veroorsaak het. (2)
- 8.18 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- In hierdie drama verteenwoordig Poppie die vrou wat ...
- A haar kinders moes motiveer om vir hulle regte op te staan.
B in die afwesigheid van 'n pa-figuur alle besluite moes neem.
C besef het dat sy nie haar kinders reg grootgemaak het nie.
D moes sukkel om 'n werk en 'n huis te kry. (1)
- 8.19 Hoe, dink jy, sou dit die verloop van die drama verander het as Poppie nie na die Ciskei toe getrek het nie? (1)
- [35]**

OF

BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.**VRAAG 9: OPSTELVRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die volgende verhoudings in die McDonald-gesin:

- Hendrik en Katrien
- Hendrik en Emma
- Hendrik en Willem

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG****PALJAS – Chris Barnard**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	FRANS: Wat se stories?
2	THYS: Nee, allerhande goed. Hulle sê die kind toor glo.
3	PIETA: Daardie mannetjie is met die maan gepla.
4	FRANS: Wat? Net oor hy nie meer praat nie?
5	PIETA: Hoekom praat hy nie meer nie? Hulle sê Oudokter sê sy pa het sy tong uitgesny.
7	JAN MOL: Seker vir een of ander offerande.
8	FRANS: Wat?
9	JAN MOL: Hoor hier, ek het dit met my eie oë gesien hoe hulle offer en als.
10	Ek sal julle nou die altaar gaan wys. Dis duiwelsgoed, man.
11	FRANS: Dis als bog.
12	THYS (<i>laai nog heeltyd sakke meel</i>): Nee, hulle sê hy loop heeltyd in die nag rond en hy sien gesigte en hy roep geeste op en offer dik snye brood vir die afgode.
15	SAKKIE: En hy maak die eienaardigste tekeninge van goed wat hy sien.
16	JAN MOL: Ek het dit met my eie oë gesien. Teen die mure van daardie ou murasie.
17	
18	SAKKIE: Maar dis nog niks – jy moet sien hoe mal raak hy as mens naby sy plek kom. Dit kos 'n paar mense om hom vas te hou.
19	

10.1 Wie is die "hulle" van wie Thys praat? (Reël 2)

(1)

- 10.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die eerste persoon wat stories in die dorp vertel het oor wat in die skuur aan die gang was, was ...
- A ouderling Bothma.
 - B Sakkie du Toit.
 - C die dominee.
 - D Jan Mol. (1)
- 10.3 Frans het die skinderstories oor die McDonalds **geglo**.
- 10.3.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 10.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.3.1. (1)
- 10.4 Jan Mol het vir Frans gesê Frans sou niks verkeerds op die McDonalds se werf sien nie.
- Wat het Jan Mol met hierdie woorde geïmpliseer? (1)
- 10.5 Waarom was die stories wat die mense oor die McDonalds vertel het, onregverdig? (1)
- 10.6 Waaroor het Frans en Jan Mol baklei? (1)
- 10.7 Watter ander karakter het ook al vir Hendrik van die stories op die dorp vertel? (1)
- 10.8 Nadat die stories oor die McDonald-gesin op die dorp vertel is, het Dominee by die McDonalds opgedaag.
- Hoekom was die dominee se besoek aan die McDonalds ironies? (2)
- 10.9 Pieta het Oudokter in reël 5–6 verkeerd aangehaal.
- Wat was volgens Oudokter moontlike oorsake van Willem se spraakprobleem? Gee TWEE oorsake. (2)
- 10.10 Waarom het Willem so mal geraak as mense naby sy plek gekom het? (Reël 18) (1)

- 10.11 Voltooi die volgende paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (10.11.1–10.11.4) en die antwoord neer.

speletjies; draak; nar; toertjies; olifante; narrepak; hase; uniform

Willem het op 'n dag vreemde dinge begin doen. Die gesin was verstom oor die (10.11.1) ... wat Willem kon wys. Die tekening van die (10.11.2) ... wat Willem vir Katrien gewys het, het haar ook verbaas. Willem wou hê Katrien moes vir hom net so 'n (10.11.3) ... maak soos in die tekening. Die kos wat Willem so geheimsinnig uit die huis gevat het, was glo altyd vir (10.11.4) ...

(4)

- 10.12 Wat het Manuel met sy paljas in Willem se lewe reggekry?

(1)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	Drie, vier motors kom op die werf aan. Hulle ry stadig. Hulle hou langs mekaar
2	stil – hulle kopligte verblindend op die huis. Hendrik verskyn op die werf. Hy
3	staan vir die motorligte en kyk. Katrien kom tot langs hom, met Emma en Nollie
4	agter hulle op die stoep.
5	HENDRIK: Gaan in die huis in, Katrina. Julle almal.
6	Die motorligte word die een na die ander afgeskakel. Dis Sakkie du Toit wat
7	eerste uit sy motor klim. Nog twee motors kom aan en hou stil. Ouderling
8	Bothma klim uit 'n tweede motor en Thys Briekman uit die derde motor. Ander
9	mense bly in die motors sit. Hendrik kom nader. Die drie mans stap na hom
10	toe. Nog 'n motor hou stil.
11	HENDRIK: Naand ...
12	Katrien en Emma-hulle gee nie pad nie. Hulle staan en kyk.

- 10.13 Die Volstruisdans was vir die McDonalds 'n antiklimaks.

Verduidelik hierdie stelling deur te verwys na hulle **voorbereidings** en **aankoms** by die dans. Gee altesaam DRIE feite.

(3)

- 10.14 Watter belofte het Emma ná die Volstruisdans van haar gesin gevra?

(1)

- 10.15 Hoekom het Hendrik vir Katrien-hulle gevra om in die huis in te gaan toe die motors op die werf aangekom het?

(1)

- 10.16 Wat was die rede vir die dorpsmense se besoek aan die McDonalds ná die Volstruisdans?

(1)

- 10.17 Die kuiermense het vir Manuel by die McDonalds ontmoet.

10.17.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is.

(1)

10.17.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.17.1.

(1)

- 10.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Willem het op die windpomp geklim, want dit het vir hom die simbool van ... geword.

- A gesag
- B opstand
- C vrede
- D waardering

(1)

- 10.19 Hoekom het Willem vir Manuel aan die einde van die drama nie meer nodig gehad nie?

(1)

- 10.20 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.20.1–10.20.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
10.20.1	"Jy't gesê lag is beter as huil."	A	Hendrik
10.20.2	"Dis Willem s'n. Hy moet leer om dit te speel."	B	Willem
10.20.3	"Ek praat. Ek praat heelyd. Ek is al een wat praat!"	C	Emma
10.20.4	"Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak of niks gebeur het nie."	D	Manuel
		E	Katrien

(4 x 1) (4)

- 10.21 Watter aanduiding was daar aan die einde dat Manuel se paljas ook in Emma se lewe gewerk het?

(1)

- 10.22 Hoe het die drama vir Hendrik en Katrien op Toorwater op 'n positiewe manier geëindig?

(1)

- 10.23 Wat het hierdie drama jou geleer oor kommunikasie in 'n gesin?

(1)

[35]**TOTAAL AFDELING B: 35**

AFDELING C: KORTVERHALE**BEANTWOORD ÓF DIE OPSTELVRAAG ÓF DIE KONTEKSTUELE VRAAG.****STORIEJOERNAAL****VRAAG 11: OPSTELVRAAG*****Agter 'n baard* – Hennie Aucamp**

Skryf 'n OPSTEL (250–300 woorde) waarin jy vertel van die rol wat Deon se baard in die verhaal gespeel het.

Jy moet in jou opstel verwys na:

- Deon se aankoms op die stasie
- Die gesin se reaksie op Deon se baard
- Die gebeure nadat Deon die baard afgeskeer het

Jou opstel moet 'n inleiding en 'n slot hê.

[35]**OF****VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG*****Die storie van Piet se oupa* – Abraham H de Vries**

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	"Hier by ons op die plaas wou Oupa mos nie bly nie. Hy lewe darem ook nog,
2	het hy gesê. Nou praat ek uit die huis uit en hy sal seker stry, maar dis die
3	reine waarheid. Pa het dié Sondag ná kerk van die dorp af uitgekóm hier na
4	ons toe. Maar daardie middag toe pak die ongedurigheid hom en toe ek weer
5	sien, is hy uitgevat en blink gevryf vir gaan kuier. Die volgende oggend vroeg
6	toe ek op pad is vee-pos toe, halfvyf, toe dog ek wie kom kuier dan hierdie tyd
7	van die oggend? Want toe kom daar bo van die teerpad af darem 'n bekende
8	motor met die deurpad in. En háástig! Dog seker hy kon inkom voor die
9	huismense opstaan ..."
10	"Dog g'n niks, Thys," sê Oupa bedoord. "Dit was twee-uur. Ek is eenuur op
11	Calitzdorp weg. G'n mens kan slaap by daardie kerkklok nie. Hy lawaai elke
12	kwartier. Toe ry ek maar." Ja en toe bloos daardie weduwee met die netjiese
13	bolla wat langs hom sit bloedrooi, maar sy sê kliphard: "Dis waar, ek het op
14	my horlosie gekyk toe ek hom hoor opstaan in die vrykamer!"
15	Ramkat! dog die kuiermense, en jy kan aan hulle gesigte sien hulle dink:
16	Ramkat, daardie oumatjie is Oupa se toom. Sy gaan hom mak maak.

12.1 Hoe het Oupa die plaaslewe ervaar? (1)

12.2 Waarom het Oupa 'n partytjie gehou? (1)

- 12.3 Wie se huis was naby die kerkklok? (1)
- 12.4 Hoekom het die weduwee gebloos? (Reël 12) (1)
- 12.5 Was die humoristiese manier waarop Piet sy oupa beskryf het, vir jou effektief? Motiveer jou antwoord. (1)
- 12.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
Die woord "Ramkat" druk ... uit.
- A geluk
B bewondering
C jaloesie
D pyn (1)
- 12.7 Waarom het Oupa nie met die weduwee getrou nie? (1)
- 12.8 Die weduwee in VRAAG 12.7 was die **laaste** vrou in Oupa se lewe.
- 12.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 12.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.8.1. (1)
- 12.9 Dit het Oupa gepas dat die matrone een keer per week gaan kaart speel het.
- 12.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 12.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 12.9.1. (1)
- 12.10 In die verhaal word daar na Oupa en Doon as "karperde" verwys.
- 12.10.1 Wat beteken hierdie metafoor? (1)
- 12.10.2 Gee TWEE voorbeelde uit die verhaal wat die metafoor ondersteun. (2)

Lees die volgende uittreksel deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

1	... Toe hy die eerste tjoppie sny, het hy nog gesê: "Aitsa, nogal nie min nie!"
2	Maar net toe hy die eerste happie in sy mond steek, toe skuif hy só saggies
3	van die stoel af dat Trudie, wat weggekyk het, vra: "Waar's Oupa nou?" Toe
4	lê Oupa al op die vloer.
5	'n Matrone skrik nie maklik vir 'n floutetjie nie, maar dit moet die manier
6	gewees het waarop Oupa lê wat Trudie laat skrik het. Gelukkig maar, net toe
7	Doon die tafel wegskuif, toe staan 'n ander verpleegster langs hom wat hulp in
8	sulke tye van nood geken het. Dis sy wat toe haastig alles wat sy weet,

9	probeer: druk en voel en pomp sy bors en kyk op die horlosietjie wat voor
10	haar bors vasgegespe was. Tot sy later opkyk en vir Doon sê: "Miskien moet
11	jy die eienaar gaan roep. Ons het Oupa verloor."
12	Hulle is met Oupa daar uit na die kelners se ruskamertjie toe net langs die
13	kombuis. Om die ander restaurantmense nou nie te veel te ontstel nie.
14	"Hart," het die verpleegster gesê en Trudie aan die skouer gevat.

12.11 Wat het Trudie vir hulle by die restaurant bestel? (1)

12.12 Waarom het Trudie gesê dat Oupa in die hoek moes sit? (1)

12.13 Die verpleegster het gesê: "Ons het Oupa verloor." (Reël 11)

12.13.1 Wat het die verpleegster daarmee bedoel? (1)

12.13.2 Hoekom was dit effektief om hierdie woorde te gebruik? (1)

12.13.3 Watter beeldspraak het sy gebruik? (1)

12.14 Trudie was 'n praktiese persoon.

Gee 'n voorbeeld ná Oupa se "dood" om dit te bewys. (1)

12.15 Voltooi die paragraaf. Gebruik die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (12.15.1–12.15.4) en die antwoord neer.

stopstrate;	gate;	padwerke;	hart;
pols;	toetse;	ongelukke;	operasies

Op die pad waarop die ambulans gery het, was daar (12.15.1) ... aan die gang en daar was baie (12.15.2) ... Die ambulansbestuurder het vinnig gery en dit het Oupa rondgeskud. Gelukkig het dit Oupa se (12.15.3) ... weer laat klop. Die dokters het allerhande (12.15.4) ... gedoen en kon niks fout met Oupa vind nie. (4)

12.16 Waaruit kan die leser aflei dat die ambulansman en die bestuurder geskrik het toe hulle die ambulansdeur by die hospitaal oopgemaak het? (2)

12.17 Kies die KORREKTE antwoord om die sin te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Oupa het die snaakse gewoonte gehad om sy ... te draai as hy gelukkig was.

- A wenkbrou
- B snor
- C horlosie
- D ring

(1)

- 12.18 Kies elke keer die karakter uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (12.18.1–12.18.4) en die letter (A–E) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
12.18.1	... was op pad met Oupa se kis na Trudie-hulle toe.	A	Matthys
12.18.2	... het vir Trudie geskakel om Oupa te kom haal.	B	Piet
12.18.3	... het nie geglo dat Oupa 'n bejaarde was nie.	C	Die restauranteienaar
12.18.4	... het met perde geboer.	D	Die dokter
		E	Doon

(4 x 1) (4)

- 12.19 Is Oupa se gedrag stereotiperend van alle tagtigjarige mans? Motiveer jou antwoord. (1)
- 12.20 Verwys na die slot van die verhaal.
- 12.20.1 Waarom kan 'n mens die slot as **verrassend** beskryf? (1)
- 12.20.2 Waarom kan 'n mens die slot as **humoristies** beskryf? (1)
- 12.21 Noem EEN les wat jongmense uit Oupa se lewe kan leer. (1)

[35]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE**BEANTWOORD TWEE VAN DIE VOLGENDE VRAE.****VERSJOERNAAL****VRAAG 13: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Brief – R Fernel Abrahams

1 Mammie, ek skryf ook vir Ma 'n kaalvoet gedig
2 sommer so, nes Antjie
3 maar ek gebruik soms leestekens
4 en ek sal nie vir Mamma "jy" sê nie
5 want dit hoort vir my
6 nes plastieklomme en wit skoene
7 nie by Ma nie.

8 Ek het grootgeword, weet Ma –
9 ek skrik soms vir myself
10 want my skoolbaadjie pas nie meer nie
11 my hare is lank
12 ek wil 'n ooring dra
13 ek bid byna nooit nie
14 en ek glo nie sommer net in God nie
15 ek dink, praat, skryf selfs oor die dood
16 – ek wonder of Ma van my verse sal hou –

17 Ek weet Ma sou wou hê ek moes klein bly –
18 en ek het nie
19 kon nie
20 'skuus Mammie
21 maar ek is nog Ma se kind
22 grootmenskind
23 anderster kind

- 13.1 Aan wie skryf die spreker die brief? (½)
- 13.2 Wat beteken 'n "kaalvoet gedig" in hierdie konteks? (1)
- 13.3 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.
Die woord "maar" in versreël 3 dui aan dat hierdie gedig (dieselfde/anders) as Antjie se gedig is. (1)
- 13.4 Hoekom noem die spreker sy ma nie "jy" nie? (1)
- 13.5 Noem die eerste fisiese bewys in die gedig dat die spreker grootgeword het. (1)

- 13.6 Waarom, dink jy, is dit reg dat die spreker sy gevoelens oor verskillende sake met sy ma deel? (1)
- 13.7 Kies elke keer die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die feit dat die spreker sy ma "mamma" en "mammie" genoem het, dui op die spreker se ...
- A irritasie.
B vrees.
C liefde.
D verlange. (1)
- 13.8 Waaroor het hierdie spreker gedigte geskryf? (1)
- 13.9 Hoe het die spreker se idee oor godsdiens van kleintyd tot nou verander? (2)
- 13.10 Die spreker **het gewet** dat die ma van sy "verse" sou hou.
- 13.10.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 13.10.2 Haal EEN WOORD aan om jou antwoord op VRAAG 13.10.1 te motiveer. (1)
- 13.11 Wat is die funksie van die aandagstrepe aan die begin en einde van versreël 16? (1)
- 13.12 Waarom, dink jy, het die spreker die woord "kind" in die laaste strofe herhaal? (1)
- 13.13 Kies telkens die woord uit KOLOM B wat by die stelling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (13.13.1–13.13.3) en die letter (A–D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
13.13.1	Dit wys op die rebelsheid van die spreker.	A	bid
13.13.2	Die spreker assosieer nie sy ma daarmee nie.	B	'skuus
13.13.3	Dit dui daarop dat die spreker jammer is dat hy nie kan wees wie sy ma wou hê hy moes wees nie.	C	oorring
		D	plastieklomme

(3 x 1) (3)

- 13.14 Watter les kan ouers uit hierdie gedig leer? (1)
[17½]

OF

VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die hanswors – SJ Pretorius

1 Oor sy afsigtelike boggel
2 en kromheid, het hul hom gekoggel,
3 en bitterder was hul venyn
4 as sy vergroeide ruggraatpyn.

5 Tussen die diere in 'n hoek
6 het hy die eensaamheid gesoek:
7 "Met klere wat gedurig gaar is,
8 Wat doen die vent met sy salaris?"

9 Hy't maandeliks by die poskantoor
10 'n brief gepos of een gelees
11 by die dierkratte, oor en oor:
12 "Sou daar tog êrens iemand wees?"

13 En daardie ewige reuk en drank:
14 nie een sou huil as hy bedank,
15 maar waar hy in die sirkustent
16 aapagtig teen die firmament,
17 hoog teen die takelwerk, kon klouter,
18 die dood uittart, en, klein kabouter,
19 sy duiwelstreke uithaal onder
20 dat almal skater van die wonder,
21 is hy, hoeseer verag, verlate,
22 nog deur die baas beskou as bate.

23 Toe het 'n brief gekom eendag ...
24 Hy't oor die bed gebuk, verblind,
25 terwyl 'n boggelvrou tjie, sag,
26 sterwend fluister: "Dankie my kind ... "

- 14.1 Gee 'n ander woord vir "hanswors". (½)
- 14.2 Watter woord in strofe 1 dui aan dat die hanswors se krom rug lelik was om na te kyk? (1)
- 14.3 Die hanswors se pyn was **fisies** en **emosioneel**. (Strofe 1)
- 14.3.1 Wat was die rede vir sy fisiese pyn? (1)
- 14.3.2 Wat was die rede vir sy emosionele pyn? (1)
- 14.4 Haal EEN WOORD uit strofe 2 aan wat daarop dui dat die ander mense sonder respek van die hanswors gepraat het. (1)

- 14.5 Mense het oor die hanswors geskinder.
- 14.5.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 14.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 14.5.1 in jou EIE woorde. (1)
- 14.6 Waarom, dink jy, het die hanswors begin drink? (1)
- 14.7 Kies elke keer die letterkundige begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (14.7.1–14.7.3) en die letter (A–D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
14.7.1	"hy't"	A	paarrym
14.7.2	"Toe het 'n brief gekom eendag ..."	B	hiperbool
14.7.3	"hoog teen die takelwerk, kon <u>klouter</u> , die dood uittart, en, klein <u>kabouter</u> "	C	elisie
		D	ellips

(3 x 1) (3)

- 14.8 Hoe het mense gereageer toe die hanswors sy "duiwelstreke" uitgehaal het? (1)
- 14.9 Wat het die hanswors "verblind"? (Versreël 24) (1)
- 14.10 Waarom is dit effektief dat die verkleiningsvorm "boggelvroujie" (versreël 25) gebruik word? (1)
- 14.11 Watter TWEE OPEENVOLGENDE woorde dui op die familieband tussen die "boggelvroujie" en die hanswors? (Strofe 5) (1)
- 14.12 Waarvoor, dink jy, het die sterwende vrou die hanswors bedank? (1)
- 14.13 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die stemming in hierdie gedig is ...
- A vrolik.
B rustig.
C hartseer.
D nostalgies. (1)
- 14.14 Die hanswors het in sy werk aangebly terwyl die ander werkers hom sleg behandel het.
- Hoe sou jy opgetree het as jy in dieselfde posisie as die hanswors was? (1)

[17½]**OF**

VRAAG 15: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

things that go bump in the night – Rosa Keet

1 jy los my alleen
 2 in 'n huis vol geluide
 3 en hoe minder ek probeer luister
 4 hoe harder klink die klank
 5 van 'n onbekende voetstap
 6 op die donker trap
 7 bang vaak verdwaal ek laat
 8 in die gange op soek
 9 na slaap
 10 wat om elke naghoek verdwyn
 11 ek skrik
 12 vir die naaldekokkerstraatlig
 13 deur skaars bewegende blare
 14 jou jas aan die kapstok
 15 is 'n man sonder bene
 16 ek is bang
 17 vir die stofsuierslang
 18 op die vloer van die spens
 19 en tot jy terugkom
 20 sleep ek my vlees
 21 soos 'n kis agter my aan

- 15.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Die titel van hierdie gedig verwys na (dinge wat jy jou verbeel/dinge wat werklik gebeur).

(½)

- 15.2 Waarom was die spreker ongelukkig om alleen in die huis te wees? (Versreël 1)

(1)

- 15.3 Waar kom die geluid van die voetstap, volgens die spreker, vandaan?

(1)

- 15.4 Waarom is die gebruik van die gehoorsintuig effektief in hierdie gedig?

(1)

- 15.5 Watter ironie is daar in versreël 7–9?

(2)

- 15.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die sterkste emosie wat die spreker ervaar, is ...

- A woede.
 B vrees.
 C bitterheid.
 D magteloosheid.

(1)

- 15.7 Verwys na versreël 11.
- 15.7.1 Waarom word versreël 11 alleen geplaas? (1)
- 15.7.2 Haal 'n ander versreël aan wat ongeveer dieselfde as versreël 11 beteken. (1)
- 15.8 Die spreker sal uiteindelik nie meer bang wees nie.
- 15.8.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 15.8.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 15.8.1 in jou EIE woorde. (1)
- 15.9 Kies elke keer die letterkundige begrip uit KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (15.9.1–15.9.3) en die letter (A–D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
15.9.1	" <u>b</u> ewegende <u>bl</u> are"	A	assonansie
15.9.2	"bang <u>va</u> ak verd <u>wa</u> al ek <u>la</u> at"	B	alliterasie
15.9.3	"sleep ek my vlees <u>so</u> os 'n kis agter my aan"	C	personifikasie
		D	vergelyking

(3 x 1) (3)

- 15.10 In watter vertrek is die stofsuier gebêre? (1)
- 15.11 Verwys na versreël 17.
- 15.11.1 Waarmee word die pyp van die stofsuier vergelyk? (1)
- 15.11.2 Waarom is die herhaling van die "s"-klank in die woord "stofsuier-slang" effektief? (1)
- 15.12 Waarmee word die woord "kis" (versreël 21) geassosieer? (1)

[17½]**OF**

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Wie's Hy? – Adam Small

1 Die poet,
2 wie's hy?
3 Djulle het so baie bek oor die poet,
4 ma wie's hy?
5 Is hy rêrag soes djulle dink
6 die ou moerie pen ennie ink
7 wat in sy study sit en poems dink?

8 Nai,
9 djulle's mistaken,
10 nie hy nie
11 ma djulle is die poets,
12 djulle wat innie straat in loep
13 ennie gladde bek verkoop
14 ma die dinge sien
15 en soema net daa God tien hulle roep!

16.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Hierdie gedig is in (vrye vers/gebroke rym) geskryf.

(½)

16.2 Gee die Standaardafrikaans vir die woord "ma". (Versreël 4)

(1)

16.3 Waarom is die herhaling van die vraag "wie's hy?" effektief?

(1)

16.4 Wat beteken die woorde "het so baie bek" (versreël 3) in die konteks van hierdie gedig?

(1)

16.5 Watter TWEE verkeerde idees het mense oor die tradisionele digter? (Strofe 1)

(2)

16.6 Waarom praat die spreker van "die ou"? (Versreël 6)

(1)

16.7 Waarom is die alleenplasing van die woord "nai" (versreël 8) so effektief?

(1)

- 16.8 Kies elke keer die aanhaling uit KOLOM B wat by die inligting in KOLOM A pas. Skryf slegs die vraagnommer (16.8.1–16.8.3) en die letter (A–D) neer.

KOLOM A		KOLOM B	
16.8.1	Die man op straat	A	"straat"
16.8.2	Die tradisionele digter	B	"djulle"
16.8.3	Die plek waar die tradisionele digter werk	C	"die ou"
		D	"study"

(3 x 1) (3)

- 16.9 Die boodskap in hierdie gedig is dat net tradisionele digters gedigte kan skryf.

16.9.1 Dui aan of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

16.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 16.9.1. (1)

- 16.10 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

Die woorde "gladde bek verkoop" (versreël 13) beteken om ...

- A snaakse sêgoed te hê.
 B onverstaanbare goed te sê.
 C vreemde idees te hê.
 D bekende gedigte op te sê. (1)

- 16.11 Waarna verwys "die dinge" in versreël 14? (1)

- 16.12 Wat bedoel die spreker as hy sê: "... God tien hulle roep"? (Versreël 15) (1)

- 16.13 Hoekom, dink jy, is die taalgebruik in hierdie gedig Kaapse Afrikaans? (1)

- 16.14 Stem jy saam met die algemene idee oor digters wat in strofe 1 genoem word? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

[17½]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2013

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 22 bladsye.

ALGEMEEN

1. Gebruik die rubrieke in die assesseringsriglyne.

Bylaag A:	Vraag 1	Opstel
Bylaag B:	Vraag 2.1	Vriendskaplike brief
	Vraag 2.2	Verslag
	Vraag 2.3	Huldeblyk
	Vraag 2.4	Pamflet
Bylaag C:	Vraag 3.1	Dagboekinskrywing
	Vraag 3.2	Advertensie
	Vraag 3.3	Instruksies
2. Bestudeer en bespreek die rubrieke baie deeglik. Let veral daarop dat beplanning, formaat, redigering en struktuur by die rubrieke ingesluit is.
3. As 'n onderwerp misgetas is, word die leerder se antwoordeboek na die senior nasiener verwys. Die kandidaat moet volgens die rubrieke baie laag op inhoud aangeslaan word.
4. Indien daar twyfel oor 'n onderskeidingskandidaat se skryfstuk(ke) bestaan, moet dit eweneens met die senior nasiener bespreek word.
5. Indien 'n skryfstuk **grootliks uit die vraestel saamgeflans** word of dele van opdragte uit die vraestel net so oorgeskryf word, ontvang die kandidaat **geen punte nie**. Kommentaar sal wees: **Nie eie werk nie/Saamgeflans**. Indien dele van die skryfstuk wel die leerder se eie werk is, assesseer hierdie dele volgens die laagste kode.
6. Die nasiener moet die voorgeskrewe nasiensimbole (bl. 3) gebruik by die nasien van 'n skryfstuk. Om net strepe te trek, is ONAANVAARBAAR.
7. By skryfstukke wat te lank is, word die maksimum lengte nagesien en 'n streep deur die res getrek. Dan word die kandidaat nie verder per kategorie by struktuur gepenaliseer nie.
8. Riglyne by die afwyking van die voorgeskrewe lengte by skryfstukke.

AFDELING	Amper korrek	Te kort/te lank	Heeltemal te kort/te lank
Afd. A: Opstel 250–300 woorde	240–249 301–310	230–239 311–320	Minder as 230 Meer as 320
Afd. B: Langer transaksionele teks 120–150 woorde	113–119 151–157	106–112 158–164	Minder as 106 Meer as 164
Afd. C: Korter transaksionele teks 80–100 woorde	75–79 101–105	69–74 106–111	Minder as 69 Meer as 111

9. **Vraag 1.6:**

- Die titel en die kern van die prent behoort by mekaar aan te sluit.
- Indien die titel nie by die kern van die prent pas nie, maar die inhoud spreek steeds die kern van die prent aan, word die titel geïgnoreer.
- Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredenerend of argumenterend wees. Die prente dien slegs as prikkels.

SIMBOLE/TEKENS BY DIE NASIEN

Die volgende simbole/tekens behoort deur die onderskeie provinsies gebruik te word.

VERDUIDELIKING	SIMBOOL	BESKRYWING
Woordorde	(...) →	Hakies/pyltjie
Spelfout	=	Twee kort strepies onder 'n woord
Woordkeuse	/	Haal met 'n streep deur
Tydfoute	T (in die kantlyn)	Hoofletter T
Woord(e) weggelaat	^	Weglaatteken
Taalfoute	—	Enkelstreep onder die taalfout
Paragraafindeling	//	Dubbele skuinsstreep
Paragraaf is een lang, lomp sin	[Begin van 'n nuwe sin
Woorde uit ander tale/nie-funksionele/vreemde woorde* *Standaardafrikaans bly die norm. Gebruiksafrikaans moet vermy word. Aanvaar terme waarvoor Afrikaans nog nie ekwivalente het nie. Aanvaar ook gemotiveerde Afrikaanse streeksworde/streekuitdrukings.	X	Trek 'n X oor die verkeerde woord.
Erkenning van taaljuweeltjies	✓(bo die woord)	Regmerkies bokant goeie taalgebruik, idees of uitdrukings.
Herhaling	hh (in die kantlyn)	Dubbele hh
Onduidelik/onverstaanbaar	∫ (in die kantlyn)	Kronkelstreep
Saamgeflans uit vraestel	Vr (in die kantlyn)	Hoofletter V kleinletter r
Punktuasie	o	Omkring

NEERSKRYF VAN PUNTE

1. Gebruik die korrekte rubriek vir elke tipe skryfstuk.
2. Assesseer die kandidaat se skryfstukke na aanleiding van die **sewe KODES** volgens:
 - Afdeling A: **INHOUD en BEPLANNING** (32 punte), **TAAL, STYL en REDIGERING** (12 punte) en **STRUKTUUR** (6 punte).
 - Afdeling B: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (20 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (10 punte).
 - Afdeling C: **INHOUD, BEPLANNING en FORMAAT** (13 punte) en **TAAL, STYL en REDIGERING** (7 punte).

3. Evalueer eers hoe goed, gemiddeld of swak die kandidaat binne daardie kode tussen die gegewe punte is, byvoorbeeld: uit 'n gegewe punt van 16–19 uit 50, moet die nasiener kan assesseeer watter punt die skryfstuk verdien. Skryf net EEN punt neer.
4. Hou die **persentasies** by die kodes in gedagte. Dis 'n hulpmiddel.
5. Skryf die punte soos volg neer:

AFDELING A	Kode	Punt	AFDELING B en C	Kode	Punt
I/B	5	19½	I/B/F	5	12
T/S/R	2	4	T/S/R	6	7
S	5	5			19
TOTAAL:		28½	TOTAAL:		19
		29			19

6. Halwe punte word per afdeling afgerond.

LEERUITKOMS 3: SKRYF EN AANBIED

AFDELING A: OPSTELTIPES

Assesseer die opstelle sonder vooroordeel vanuit die kandidaat se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die soort opstel wat die leerder aanbied, word deur die onderwerp gelei.

VERHALENDE OPSTEL

- Dis 'n interessante vertelling van 'n storie/gebeurtenis(se) (gewoonlik uit die verlede).
- Dit kan vanuit die leerder se perspektief geskryf word.
- Die inleiding moet die leser se aandag vasvang.
- Die vertel-/storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig die leser.
- Die leser se belangstelling moet deurgaans behou word.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde (retoriese stylmiddele) word op so 'n manier gebruik dat die leser graag verder wil lees.
- Chronologiese of a-chronologiese opbou tot by die hoogtepunt en die daaropvolgende afloop van gebeure behoort voor te kom.
- Die verhaal word realisties en met entoesiasme geskryf.
- Die verhaal word uit eie ervaring geskryf of kan fiktief wees.
- Karakterisering oortuig en die agtergrond/atmosfeer is geslaagd.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- 'n Buitengewone slot rond dit finaal af.
- Kru taal word nie toegelaat nie. Die rubriek maak voorsiening dat die kandidaat vir gebrek aan kritiese taalbewustheid gepenaliseer word.

BESKRYWENDE OPSTEL

- Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dis moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.
- 'n Suksesvolle beskrywende opstel konsentreer op sinuïglike besonderhede soos sig, klank, smaak, reuk en sensasie.
- 'n Goeie woordeskat is nodig vir 'n raak beskrywing.
- Die opstel is meer as net die opnoem van waarnemings. Insig, begrip, eie beleving en sinvolheid geniet aandag.
- Karakters moet lewensgetrou wees: innerlik en uiterlik.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op 'n oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie. Die rubriek maak voorsiening dat die kandidaat vir gebrek aan kritiese taalbewustheid gepenaliseer word.

BESPIEGELENDENDE OPSTEL

- Die skrywer oorweeg/deurdink 'n idee/lewenswaarheid/'n herinnering en gee sy/haar emosionele reaksies en gevoelens weer.
- Bespiegel oor/dink terug aan daardie moontlikheid, herinnering of lewenswaarheid.
- 'n Bespiegelende opstel sal subjektief wees.

- Gevoelens en emosies speel 'n baie belangrike rol.
- 'n Groot gedeelte van die opstel mag beskrywend wees.
- Hierdie beskrywings behoort realisties te wees en moet daarop gemik wees om die gevoelens van die skrywer weer te gee.
- Die gedagtes/idees/gevoelens wat uitgedruk word, behoort opregte en persoonlike betrokkenheid te toon.
- Die onderwerp word bepeins, oordink. Verskillende opsies word teen mekaar opgeweeg en 'n slotsom word gevorm (logies en sistematies).
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie. Die rubriek maak voorsiening dat die kandidaat vir gebrek aan kritiese taalbewustheid gepenaliseer word.

ARGUMENTERENDE/BETOGENDE OPSTEL

- Die skrywer het 'n spesifieke mening/opinie en argumenteer daarvoor om sy/haar standpunt te motiveer.
- Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees.
- Dit is 'n subjektiewe opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar gesigspunt te deel.
- NB: Hierdie opstel verskil van die beredenerende opstel waar daar NIE van die begin af stelling ingeneem word vir of teen 'n argument NIE.
- Die skrywer gee 'n subjektiewe mening oor die onderwerp.
- 'n Reeks argumente word gegee om die mening te motiveer.
- Die skrywer konsentreer gewoonlik op argumente vir of teen die standpunt. Die teenoorgestelde gesigspunt kan genoem word om meer steun aan 'n eie mening te gee.
- 'n Verskeidenheid retoriese stylfigure sal die gehalte van die opstel verbeter.
- Die kandidaat moet van oorredingstegnieke gebruik maak.
- Sterk gevoelstaal sal gebruik word, maar mag nooit kru wees nie.
- Die slot moet 'n sterk, duidelike en oortuigende stelling wees wat die skrywer se gesigspunt bevestig.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.

BEREDENERENDE OPSTEL

- Dis objektief en probeer om 'n gebalanseerde gesigspunt van albei kante van 'n argument te gee.
- Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en gee dan argumente vir of teen die stelling. Dit word altyd onpartydig aangebied.
- Die skrywer mag 'n spesifieke standpunt inneem aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd wees.
- Die skrywer moet BEIDE kante van die argument verstaan, daarvoor nadink en op 'n onpartydige en goed ingeligte manier daarvoor redeneer.
- Die styl moet duidelik, rasioneel en objektief wees.
- Ondersteunende stellings moet behoorlik deurdink word.
- Die toon is nie emosioneel nie.
- Die toon is oortuigend sonder om neerhalend te wees.
- Die skrywer mag aan die einde 'n aanduiding van sy/haar gesigspunt gee, maar dit mag slegs in die slot wees.

- Die inhoud oortuig en ontwikkel logies en helder.
- 'n Gevolgtrekking kan in die slot gegee word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet.
- Kru taal word nie toegelaat nie. Die rubriek maak voorsiening dat die kandidaat vir gebrek aan kritiese taalbewustheid gepenaliseer word.

VISUELE PRIKKELS

- Die onderwerp moet pas by die visuele prikkel. Die nasiener moet onthou dat alhoewel hierdie visuele prikkels oop is vir 'n verskeidenheid interpretasies, die opstel direk by die kern van elke prent moet aansluit. Die agtergrond kan in ag geneem word om die kern toe te lig. **Die kandidaat se perspektief op die kern van die prent moet oorweeg word by assessering.**

ONTLEDING VAN MOONTLIKE OPSTELTIPES PER VRAAG

- Die vrae is só geformuleer en die prente só gekies dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp/kern van die prent van die kandidaat verwag word.
- Die opstel wat geskryf word, kan **waarskynlik in meer as een kategorie val, maar nie noodwendig nie.** 'n Opstel kan ook elemente van verskillende tipes opstelle bevat. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

FOKUS:

'n Graad 12-leerder gee aan sy/haar maat raad oor die keuse tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid.

VEREISTES:

- Getal woorde: 120-150.
- Die aanhef van die brief moet informeel wees.
- 'n Goeie inleiding voorsien die rede vir die brief.
- Die paragrawe wat volg, brei uit op die fokus van die brief.
- Die vriendskaplike brief hanteer die inhoud m.b.t. taalgebruik en styl informeel en gemaklik.
- Die brief neem die teikenpersoon, naamlik die maat, in aanmerking – dit is persoonlik, openhartig en vriendelik.
- Die briefskrywer moet definitiewe raad gee om die keuse tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid makliker te maak.
- Die toon en register moet by die vriendskap tussen die briefskrywer en die ontvanger van die brief aansluit.

- Vermy slordige taal, slengwoorde en sms-taal.
- Indien 'n Engelse woord onvermydelik is, moet aanhalingstekens gebruik word.
- Die briëfskrywer sluit die brief gepas af.
- Die briëfskrywer mag groete oordra aan die maat se familie.

FORMAAT:

Die formaat van die brief moet korrek wees:

Leestekens:

- Geen leestekens word in die adres, aanhef of slot gebruik nie.

Die adres en datum:

- Die adres van die skrywer word regs, boaan in blokvorm geskryf.
- Daar word nie 'n reël tussen die poskode en die datum oopgelaat nie.
(**Toegewing:** 'n Reël kan tussen die poskode en datum oopgelaat word.)
- Die datum word voluit geskryf: 25 November 2013.
- Let op die verskillende wyses waarop die adres geskryf kan word. (Bl. 9)

Die aanhef, afsluiting en slot:

- Aanhef: "Beste" of "Liewe" word gebruik; dit word teen die linkerkantlyn geskryf.
- Groete/Liefdegroete kan aan die einde gebruik word.
- Daar word nie 'n reël tussen *Jou maat* en die naam oopgelaat nie.
- Die omskrywing *Jou maat* voor die briëfskrywer se naam is opsioneel.

Die paragrawe:

- 'n Reël word tussen paragrawe oopgelaat.
- Die inleidingsparagraaf stel die rede vir die brief duidelik, nl. om raad te gee.
- Die liggaam van die brief brei uit op die rede vir die brief, naamlik om 'n maat te help met sy/haar vakkeuse.
- Die slotparagraaf moet die inhoud van die brief saamvat.

STYL:

- Hierdie brief is persoonlik en vriendskaplik van aard.
- Die briëfskrywer is openhartig.
- Die toon van die brief is vriendelik, informeel, raadgewend en simpatiek.

VOORBEELD

<p>XXX Liewe Marie XXX Inleidingsparagraaf: Gee die rede vir die brief duidelik; die ontvanger word alreeds in hierdie paragraaf ingelig waarom die inhoud van die brief gaan handel. XXX Paragraaf 2: Gee raad oor die keuse tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid. XXX Paragraaf 3: Brei verder uit op die redes vir die keuse. XXX Slotparagraaf: Vat die inhoud van die brief saam. XXX Liefdegroete./Beste wense. XXX Jou maat Naam (geen punktuasie nie)</p>	<p>Posbus 795 Johannesburg 2000 25 November 2013</p>
--	--

Voorbeelde van die brieffskrywer se adres:

Kerkstraat 1	Posbus 88	Huis 342	Plot 588
Uitbreiding/Voorstad	Pleknaam	Pleknaam	Pleknaam
Pleknaam	Kode	Kode	Kode
Kode			
Rusthof	Sewendelaan 10 OF Sewende Laan 10		
Pleknaam	Westdene		
Kode	Kode		

Let op die volgende: **Kerkstraat** is altyd een woord omdat dit 'n samestelling van TWEE soortname is. **Arcadia straat** is 'n samestelling tussen 'n eienaam en 'n soortnaam en daarom kan dit soos volg geskryf word: Arcadiastraat, Arcadia Straat, Arcadia-straat, Arcadia-Straat.

Geen Engels behalwe amptelike Engelse name, bv. Mandela Square, word aanvaar nie.

MEMORANDUMBESPREKING: Die voorstad/uitbreiding/pleknaam sal bespreek word na gelang van die geografiese ligging.

2.2 VERSLAG

FOKUS:

- 'n Graad 12-leerder skryf 'n verslag aan 'n skoolhoof.
- Gebeure rondom 'n leerder wat oneerlik in die eksamen was, word beskryf.

VEREISTES:

- Getal woorde: 120-150.
- Die verslag is kort en bondig. Detail moet egter nie uitgelaat word nie.
- Die paragrawe volg logies opmekaar, volgens die gebeure wat in die eksamen-lokaal waargeneem is.
- Die inligting moet korrek en verifieerbaar wees. Dit is op feite gebaseer wat self waargeneem is.
- Besonderhede oor tyd, datum, plek en insident is deel van die detail. (Wie? Wat? Wanneer? Waar? Hoe?)
- Die slot vat alles saam.
- Die taatgebruik pas by die gedagte van inligting verskaf/oordra.
- Die verslag word in die verlede tyd aangebied.
- Geen emosionele taal of persoonlike oordeel word aanvaar nie.

FORMAAT:

- Daar is 'n opskrif wat by die res van die verslag se inhoud pas.
- Die leerder mag met persoonlike besonderhede begin.
- Die inleidende paragraaf spreek die doel van die verslag direk aan.
- In die volgende paragrafe word eerstehandse inligting oor waar, wanneer, wie betrokke was en hoe die insident plaasgevind het, gegee.
- Die inligting mag onder subopskrifte gegee word.
- Die slotparagraaf mag 'n gevolgtrekking insluit.
- Die verslag mag onderteken en gedateer word.

STYL:

- 'n Gepaste styl vir die verslaggewing aan die skoolhoof.
- 'n Nugter weergawe van die gebeure word gegee.
- Saaklik en direk.

VOORBEELD**OPSKRIF: VERSLAG OOR INSIDENT IN DIE EKSAMENLOKAAL****Inleidingsparagraaf:**

Verduidelik die doel van die verslag. Leerder mag met persoonlike besonderhede begin.

Ek, Andrew Johnson, skryf hierdie verslag oor wat ek in die eksamenlokaal gesien het toe ons Geskiedenis geskryf het.

X

Paragraaf 2 en verder:

- Die feite word duidelik en stap vir stap uiteengesit.
- Tyd, datum en plek word gegee.
- Taal is eenvoudig en duidelik, maar formeel.

Donovan Jeffreys het voor my in die eksamenlokaal gesit toe ons Donderdag, 12 November Geskiedenis Vraestel 1 geskryf het. Die eksamen het om 9:00 begin.

Donovan se baadjie het agter oor sy stoelleuning gehang. Sowat 30 minute nadat ons begin het, het ek gesien hoe hy 'n wit papier versigtig uit sy baadjiesak gehaal het. Hy het hierdie papier onder sy eksamenboek ingedruk.

Ek het my hand opgesteek om die toesighouer te roep. Die toesighouer het die papier met notas op, onder sy eksamenboek uitgehaal. Dit was definitief die papier wat hy uit sy baadjiesak gehaal het.

X

Slotparagraaf:

Vat die verslag saam en kom tot 'n gevolgtrekking (opsioneel).

Ek verklaar dat alles wat ek hier geskryf het die waarheid is. Ek is bly as ek die skool kan help om sy stem dik te maak teen korrupsie.

X

Handtekening: (opsioneel) _____ **Datum: (opsioneel)** _____

2.3 HULDEBLYK**FOKUS:**

- 'n Leerder wat tydens die begrafnis/gedenkdiens van 'n medeleerder 'n huldeblyk lewer.

VEREISTES:

- Getal woorde: 120-150.
- 'n Huldeblyk word gewoonlik gelewer by meer formele/georganiseerde samekomste, bv. begrafnisse.
- Die huldeblyk begin met die groet van die aanwesiges op 'n gepaste wyse, bv. Geagte ...
- Die volgende besonderhede van die oorledene kan gegee word: naam en van, ouderdom, datum van afsterwe, oorsaak van dood, prestasies of hoogtepunte van die oorledene se lewe, staaltjies oor die oorledene en persoonlike herinneringe.
- Die doel van hierdie huldeblyk is om die oorledene se lewe te vereer en om die betekenisvolle bydrae wat die persoon gelewer het, uit te lig. Die gehoor moet 'n geheelbeeld van die oorledene kry.

- Die familie word ook vertroos. Hierdie gedeelte word in die teenwoordige of toekomstige tyd geskryf.
- Die huldeblyk word in die verlede tyd geskryf wanneer daar na die oorledene verwys word.
- Die taal, styl en register moet by die gehoor en die onderwerp pas.
- Maak gebruik van formele spreektaal. Kort en kragtige sinne het trefkrag.

FORMAAT:

- **Inleidende paragraaf**

Die huldeblyk word met die groet ingelei en die begrafnisgangers se aandag word vasgevang.

Die inleiding moet oor die verering van die persoon se lewe handel. Die inleidende sin is baie belangrik.

- **Paragraaf 2 en verder**

Die huldeblyk sluit verskillende hoofpunte in wat persoonlike gebeure en staaltjies van die persoon se lewe bevat. Dit word in verskillende daaropvolgende paragrawe bespreek. Elke paragraaf handel (verkieslik) oor 'n nuwe feit/gedagte.

- **Slotparagraaf**

'n Treffende slot. Die slot kan ook vir die familie sterkte toewens.

- Die huldeblyk hoef nie in paragrawe te wees nie, maar die aanhef, liggaam en slot moet duidelik blyk.

STYL:

- Die styl is formeel.
- Die sinne is kort en bondig.
- Die gehoor word met respek aangespreek.
- Die huldeblyk is vertroostend/bemoedigend van aard.
- Verminder eufemisme of sentimentaliteit.

VOORBEELD

Geagte Ouers, Familie en Vriende
(Die spreker groet die begrafnisgangers).

Dit is vir my 'n voorreg om vandag hulde te bring aan 'n vriend, sielsgenoot en mentor.

XXX

Inleidende paragraaf: Die inleidende sin is interessant, boeiend.

(Naam van oorledene) was 'n persoon wat 'n impak gemaak het op elkeen se lewe met wie hy/sy te doen gekry het. Hy/Sy was 'n inspirasie vir jonk en oud. Ons sal hom/haar mis.

XXX

Paragraaf 2: Begin met bekende gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene.

Noem die nalatenskap van die oorledene vir die gehoor.

Hou sinne kort en kragtig.

Laat gedagtes mooi saamhang.

Wie sal ooit die dag vergeet toe ons meneer Gouws in sy kantoor toegesluit het en 'n heerlike partytjie in sy klas gehou het? (Naam) was die brein agter hierdie besluit. Hy/sy het ook agterna die straf namens almal gedra. My maat was 'n goeie luisteraar, 'n vriend deur dik en dun.

XXX

Paragraaf 3 en verder: Elke paragraaf (verkieslik) 'n nuwe feit/gedagte.

(Naam van oorledene) se jong lewe is tragies deur kanker beëindig, maar in sy/haar swaarkry, het hy/sy ons vertroue en baie geleer.

XXX

Slot: Sterkte word vir die familie toegewens. Dit vorm die slotparagraaf.

Ek weet julle harte is nou seer en ek bid dat julle krag sal ontvang om deur hierdie moeilike tyd te kom.

2.4 PAMFLET**FOKUS:**

'n Pamflet stel 'n sangkompetisie (Idols) aan leerders bekend.

VEREISTES:

- Getal woorde: 120-150.
- Inligting moet duidelik uiteengesit word om aandag te behou.
- Daar word onderskei tussen algemene inligting en reëls.
- Die pamflet moet eenvoudig dog effektief wees.
- Die pamflet is gerig op 'n spesifieke teikengroep, nl. tieners.
- Verskaf die volgende inligting: wat, waar, wanneer die kompetisie gaan plaasvind en kontakbesonderhede van die organiseerders.
- Noodsaaklike reëls moet gegee word.
- Die kandidaat hoef nie ewe veel op albei aspekte (inligting en reëls) te konsentreer nie.
- Woordspeling en alliterasie kan effektief gebruik word.
- Hoof tyd word deur die onderwerp bepaal.

FORMAAT:

- Die pamflet kan volgens die formaat op die vraestel aangebied word.
- Die inligting word onder twee onderafdelings aangebied: algemene inligting en reëls.
- Gebruik kort sinne.
- Verskillende lettertipes word gebruik.
- Verskillende lettergroottes word gebruik.
- Prente (opsioneel).
- Effektiewe leestekengebruik.

STYL:

- Die styl is informatief van aard.
- Ekonomiese woordgebruik.
- Die inligting op die pamflet kan puntsgewys aangebied word.

VOORBEELD

ALGEMENE INLIGTING	REËLS
<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie kompetisie is ideaal vir leerders wat die talent het om te sing. • Die kompetisie vind op 26 Desember 2013 in die Burgersentrum in Bisho plaas. • Daar is wonderlike pryse om te wen, naamlik CD-kontrakte en kontantpryse. Daar is ook gelukkige trekkings. • Toegang vir toeskouers is gratis. • Die kompetisie begin om 19:00. • Vir verdere inligting kan jy vir Martha Ndabeni by 041 996 2485 skakel. • Elke deelnemer moet vir sy/haar eie vervoer en verblyf betaal. 	<ul style="list-style-type: none"> • Die sluitingsdatum vir hierdie kompetisie is 1 Desember 2013. • Geen laat inskrywings word aanvaar nie. • Slegs een inskrywing per leerder. • Elke inskrywing kos R10.00. • Jy mag net inskryf as jy nog op skool is. • Liedjies mag in enige taal gesing word. • Eie komposisies is ook welkom. • Geen musiekinstrument mag gebruik word nie. • Die beoordelaars se beslissing is finaal.

ONTLEDING VAN LANGER TRANSAKSIONELE TEKS

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS**NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 3****3.1 DAGBOEKINSKRYWING****FOKUS:**

Die skrywer verwoord sy/haar *gevoel* oor sy/haar ouers se besluit om te weier dat hy/sy ná die eindeksamen saam met matriekmaats vakansie kan gaan hou.

VEREISTES:

- Getal woorde: 80-100.
- Die dagboekinskrywing word in die eerste persoon geskryf.
- Persone word op die naam genoem. Daar kan na ouers as Ma/Pa/my ouers verwys word.
- Gebruik gepaste hooftye.
- Gebruik adjektiewe funksioneel.
- Die dagboekinskrywing moet 'n dag en/of datum hê.
- Dit is 'n informele skryfstuk gerig op die persoon se eie ervaring(s), gevoelens wat ervaar is oor die ouers se besluit.
- Sinne kan kort en kragtig geformuleer word.
- Gemotiveerde eenwoordbeskrywings is aanvaarbaar.
- Sinne ondersteun die kerngedagte van die opdrag, naamlik die skrywer se gevoelens oor die ouers se besluit.

FORMAAT:

- Die kandidaat hoef nie met "Liewe Dagboek" te begin nie.
- Die dagboekinskrywing moet 'n dag en/of datum hê wat boaan geskryf word.
- Die datum kan aan die linkerkant, regterkant of in die middel geskryf word.
- Die uiteensetting is in paragraafvorm of meer as een paragraaf.
- Gebruik leestekens en hoofletters funksioneel.

STYL:

- Die styl is persoonlik van aard.
- Emosiebelaaide taal kan gebruik word.
- Die inhoud moet getuig van die skrywer se gevoelens.

VOORBEELD

15 November 2013
(Links, middel of regs)

Liewe Dagboek (opsioneel)

XXX

Paragraaf 1:

(Verwoord gevoelens oor ouers se besluit oor die matriekvakansie.)

Die lewe is onregverdig! Hoekom is Ma en Pa so onregverdig? Nou word ek verbied om saam met my maats te gaan vakansie hou. Genugtig! Ek is nie meer 'n baba nie. Ek is agtien jaar oud.

XXX

Paragraaf 2:

(Bespiegel oor die rede vir die ouers se weiering/brei uit oor gevoelens. Hierdie inligting is slegs 'n voorbeeld van moontlike uitbreiding.)

Hulle het my mos goed grootgemaak. Nou is hulle bekommerd dat ek my te buite sal gaan met drank en dwelms en wie weet wat nog! Vertrou hulle my dan nie? Al wat ek vra, is die geleentheid om vir oulaas saam met my vriende 'n sorgvrye vakansie deur te bring. Ek dink ek verdien dit na TWAALF jaar se harde werk.

(Kan ook net in een paragraaf aangebied word).

3.2 ADVERTENSIE**FOKUS:**

Die leerder moet 'n advertensie vir tekkies ontwerp wat in 'n tienertydskrif geadverteer word.

VEREISTES:

- Getal woorde: 80-100.
- Die advertensie word vir 'n spesifieke groep mense geskep, nl. tieners.
- Die krag van 'n advertensie lê in eenvoud.
- Dit moet onmiddellik die tiener se aandag trek.
- Moenie te veel woorde gebruik nie.
- Die advertensie moet maklik verstaanbaar wees.
- Die volgende inligting moet in die advertensie verskyn:
 - Wie die tekkies kan koop
 - Die plekke waar die tekkies gekoop kan word
 - Die prys van die tekkies
 - Hoe die tieners daarby kan baat vind deur hierdie tekkies te koop
 - 'n Goeie slagspreuk wat tieners se aandag sal trek, is opsioneel
 - Kontakbesonderhede van die maatskappy wat die tekkies verkoop
- 'n Advertensie berus op die sogenaamde ABBA-beginsel:
 - 'n Advertensie moet 'n leser se **aandag** trek.
 - Die leser se **belangstelling** moet gewek word.
 - Die advertensie moet 'n **begeerte** by die leser wek.
 - As die advertensie in sy doel slaag, sal die leser tot **aksie** oorgaan.

FORMAAT:

- Lettergroottes en lettertipes is baie belangrik. (Uitleg is belangrik)
- Prente (opsioneel).
- Effektiewe leestekengebruik.

STYL:

- Die styl is oorredend van aard.
- Ekonomiese woordgebruik.
- Effektiewe woordkeuse.
- Die advertensie kan puntsgewys aangebied word.
- Beperk die gebruik van volsinne.

VOORBEELD

BLITSTEKKIES!

Jy móét hierdie tekkies koop om “in” te wees en modern te lyk!

Wat?

As jy een van daardie tieners is wat glo in styl en om in die mode te wees, mag jy nie by hierdie tekkies verbystap nie.

Wie?

STOP! KOOP DIT! DRA DIT! WEES IN!

DIE TEKKIES IS NOU BESKIKBAAR! KOM RAAP DIT OP!

PLEKKE WAAR JY JOU BLITSTEKKIES KAN KOOP:

Pick’nPay, Game, Checkers, Edgars of uitgesoekte winkels van Total Sports

Waar?

TE KOOP TEEN



R339,99

PER PAAR.

Prys?

DINK NUUT! KOOP JOU BLITSTEKKIES NOU!

Bel Blitzverkopers (082 715 1371) vir verdere besonderhede of lees *Huisgenoot en Jip* van 18 November 2013

3.3 INSTRUKSIES

FOKUS:

Die leerder gee aan sy/haar broer wenke in die vorm van instruksies sodat hy 'n goeie indruk by sy meisie se ouers, wat hy vir die eerste keer gaan ontmoet, skep.

VEREISTES:

- Getal woorde: 80-100.
- Die instruksies moet logies, saaklik en duidelik uiteengesit word.
- Die inligting is bedoel om leiding te gee oor hoe om 'n indruk op jou meisie/kêrel se ouers te maak.
- Dit kan 'n opskrif hê.
- Sinne word kort en kragtig geformuleer.
- Die instruksies hoef nie met werkwoorde te begin nie.

FORMAAT:

- Dit kan 'n opskrif hê.
- Die uiteensetting: puntsgewys/reëls oopgelaat/ander aanduiders kan gebruik word.
- Die instruksies is kort en bondig, maar moet in volsinne aangebied word.
- Daar mag meer as een sin per instruksie wees.

STYL:

- Die styl is persoonlik van aard.
- Die sinne is in die vorm van instruksies.

VOORBEELD**INSTRUKSIES**

1. Trek netjies aan vir die besoek.
XXX
2. Jy moet vriendelik wees. Dit skep 'n goeie indruk.
XXX
3. Wees betyds vir jou afspraak omdat dit reeds iets van jou karakter sê.
XXX
4. Kyk almal in die oë as jy groet en hou jou handdruk ferm.
XXX
5. Neem 'n klein geskenkie saam om dankie te sê vir die ete/kuier.
XXX
6. Gesels met almal.
XXX
7. Moenie te veel oor jouself praat nie.
XXX
8. Onthou jou maniere: sê dankie en asseblief. Staan op as die grootmense die vertrek inkom.
XXX
9. Vermo fisiese kontak met jou meisie/kêrel; dit hoort nie in 'n geselskap nie.
XXX
10. Vra die familie uit oor waarin hulle belangstel.

**ONTLEDING VAN KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN
TRANSAKSIONELE TEKSTE**

Die vrae is só geformuleer dat 'n persoonlike inkleding van die gekose onderwerp van die kandidaat verwag word. Verskillende persoonlikheidstipes en belangstellingsvelde word in ag geneem.

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

AFDELING A: OPSTEL – EERSTE ADDISIONELE TAAI

50 PUNTE	Baie goed - Puik KODE 7 Uitmuntend 80-100%	Goed KODE 6 Verdiensielik 70-79%	Bo-gemid. KODE 5 Beduidend 60-69%	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50-59%	Ondergemid. KODE 3 Matig 40-49%	Swak, maar slaag KODE 2 Basies 30-39%	Te swak om te slaag KODE 1 Ontoereikend 0-29%
INHOUD EN BEPLANNING 32 PUNTE	26-32 -Inhoud toon uitstekende interpretasie van onderwerp. -Idees uitdagend en volwasse. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste opstel.	22½-25½ -Inhoud toon goeie interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en verbeeldingryk. -Beplanning en/of eerste poging lei tot goedsaamgestelde, gepaste opstel.	19½-22 -Inhoud toon bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. -Idees interessant en oortuigend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goeie, gepaste opstel.	16-19 -Inhoud toon 'n gemiddelde interpretasie van onderwerp. -Idees gewoon en diepte ontbreek. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende opstel/ aanbieding.	13-15½ -Inhoud toon ondergemiddelde interpretasie. Leemtes in samehang. -Idees meestal relevant, herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot ondergemiddelde, dog redelik verstaanbare opstel.	10-12½ -Inhoud dikwels onverstaanbaar. Gebrek aan samehang. -Idees is min en dikwels herhalend. -Beplanning en/of eerste poging lei tot opstel wat nie goed aangebied is nie.	0-9½ -Inhoud nie ter sake nie. Geen samehang nie. -Idees herhaal. -Beplanning en/of eerste poging ontbreek heeltemal. Swak opstel/ aanbieding.
TAAI, STYL EN REDIGERING 12 PUNTE	10-12 -Toon kritiese taalbewustheid. -Effektiewe gebruik van taal en punktuasie. Maak van figuurlike taal gebruik. -Woordkeuse hoogs toepaslik/ uitmuntend. -Styl, toon en register is hoogs gepas. -Opstel feitlik foutloos na proeflees en redigering.	8½-9½ -Toon kritiese taalbewustheid. -Korrekte gebruik van taal en punktuasie. Kan figuurlike taal gebruik in korrekte konteks. -n Variasie in woordkeuse en word korrek gebruik. -Styl, toon en register is toepaslik vir die onderwerp. -Opstel meestal foutloos na proeflees en redigering.	7½-8 -Daar is bewyse van kritiese taalbewustheid. -Taal en punktuasie: meestal korrek. -Woordkeuse is gepas vir opstel. -Styl, toon en register is meestal toepaslik vir die onderwerp. -Opstel oor die algemeen foutloos na proeflees en redigering.	6-7 -n Aanduiding van kritiese taalbewustheid. -Taal baie eenvoudig en punktuasie gemiddeld. -Woordkeuse gemiddeld. -Styl, toon en register oor die algemeen in ooreenstemming met vereistes vir die onderwerp. -Opstel het steeds foute na proeflees en redigering.	5-5½ -Beperkte kritiese taalbewustheid. -Taal gewoon en punktuasie dikwels foutiewelik gebruik. -Woordkeuse basies. -Styl, toon en register toon gebrek aan samehang. -Opstel het steeds baie foute na proeflees en redigering.	4 -Geen kritiese taalbewustheid nie. -Gebrekkige taal en punktuasie. -Woordkeuse beperk. -Styl, toon en register gebrekkig. -Opstel is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering.	0-3½ -Geen kritiese taalbewustheid nie. -Ernstige gebrek aan taal en punktuasie. -Woordkeuse ontoepaslik. -Styl, toon en register is baie gebrekkig. -Opstel is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering.
STRUKTUUR 6 PUNTE	5-6 -Ontwikkeling van onderwerp samehangend met verbeeldingryke details. -Sinne en paragrawe samehangend saamgestel. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	4½ -Ontwikkeling van onderwerp is samehangend met goeie details. -Sinne en paragrafering: samehangend, goed gekonstrueer/ saamgestel. -Lengte is korrek.	4 -Ontwikkeling van onderwerp samehangend en logiese ontwikkeling van details. -n Verskeidenheid tipes sinne en paragrawe skakel logies. -Lengte is korrek.	3 -Onderwerp bevat sommige idees, noodsaaklike details ingesluit. -Sinskonstruksie en paragrafering mag foute bevat, maar opstel maak nog sin. -Lengte is amper korrek.	2½ -Daar is bewyse van ontwikkeling van sommige noodsaaklike idees. -Sinskonstruksie en paragrafering foutief, maar idees is verstaanbaar. -Lengte is te kort/ te lank.	2 -Dwaal soms van die onderwerp af. Algemene gedagtegang moeilik om te volg. -Sinskonstruksie en paragrafering baie elementêr saamgestel. -Lengte is te kort/ te lank.	0-1½ -Afgedwaal van die onderwerp. -Sinskonstruksie en paragrafering: deurmekaar en ondeurdag. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS
EERSTE ADDISIONELE TAAI**

30 PUNTE	Baie goed - Puik KODE 7 Uitmuntend 80-100%	Goed KODE 6 Verdiensielik 70-79%	Bo-gemiddeld KODE 5 Beduidend 60-69%	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50-59%	Ondergemiddeld KODE 3 Matig 40-49%	Swak, maar slaag KODE 2 Basies 30-39%	Te swak om te slaag KODE 1 Ontoereikend 0-29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 20 PUNTE	<u>16-20</u> -Gespesialiseerde kennis van vereiste van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou deurgaans baie goeie fokus; geen afwykings nie. -Teks, algeheel samehangend. Alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is uitstekend toegepas.	<u>14-15½</u> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou goeie fokus; byna geen afwykings nie. -Inhoud en idees samehangend. Alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is goed toegepas.	<u>12-13½</u> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou bo-gemiddelde fokus, onbenullige afwykings. -Inhoud en idees samehangend. Detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Die toepassing van die meeste van die nodige reëls vir die formaat is bogemiddeld.	<u>10-11½</u> - Gemiddelde kennis van vereistes van teks. -Gemiddelde fokus, inhoud wyk effens af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhoud en idees voldoende samehangend. Sommige van die detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is gemiddeld/voldoende.	<u>8-9½</u> -n Ondergemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon ondergemiddelde fokus. -Wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek vaag. -Inhoud en idees het leemtes in hul samehang. Basiese detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n ondergemiddelde, dog redelik verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is ondergemiddeld. Kritiese, nalatige foute is begaan.	<u>6-7½</u> -n Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n beperkte/swak fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp; betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees nie samehangend nie. Min detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging gebrekkig, teks nie goed aangebied nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	<u>0-5½</u> -Geen kennis van vereistes van teks nie. Respons op geskrewe teks toon baie swak/geen fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp. Betekenis is verwarrend. -Inhoud en idees is nie samehangend nie. Te min detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging afwesig/nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAI, STYL EN REDIGERING 10 PUNTE	<u>8-10</u> -Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>7-7½</u> -Teks is grammatikaal akkuraat; sinne goed saamgestel. - Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>6-6½</u> -Teks is grammatikaal maklik om te lees; sinne is goed saamgestel. - Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks -Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>5-5½</u> -Teks is gemiddeld saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is gemiddeld vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register gemiddeld. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek.	<u>4-4½</u> -Teks is basies saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank.	<u>3-3½</u> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank.	<u>0-2½</u> -Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Teks is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS
EERSTE ADDISIONELE TAAI**

20 PUNTE	Baie goed - Puik KODE 7 Uitmuntend 80-100%	Goed KODE 6 Verdienstelik 70-79%	Bo-gemiddeld KODE 5: Beduidend 60-69%	Gemiddeld KODE 4 Voldoende 50-59%	Ondergemiddeld KODE 3 Matig 40-49%	Swak, maar slaag KODE 2 Basies 30-39%	Te swak om te slaag KODE 1 Ontoereikend 0-29%
INHOUD, BEPLANNING EN FORMAAT 13 PUNTE	<u>10½-13</u> -Gespesialiseerde kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk; behou deurgaans baie goeie fokus, geen afwykings nie. -Inhoud en idees is algeheel samehangend; alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/ uitmuntend.	<u>9½-10</u> -Goeie kennis van vereistes van teks. -Gedissiplineerde skryfwerk, behou goeie fokus, byna geen afwykings nie. -Inhoud en idees is samehangend, alle detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n goed saamgestelde, gepaste teks. -Al die nodige reëls vir die formaat is toegepas/verdienstelik.	<u>8-9</u> -Redelike kennis van vereistes van teks. -Behou bo-gemiddelde fokus, onbenuilige afwykings. -Inhoud en idees is samehangend, details ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n gepaste, goeie teks. -Meeste van die nodige reëls vir die formaat is toegepas/beduidend.	<u>6½-7½</u> -Gemiddelde kennis van vereistes van teks. -Gemiddelde fokus, inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die oorhoofse betekenis nie. -Inhoud wyk af van onderwerp, maar dit belemmer nie die betekenis nie. -Inhoud en idees voldoende samehangend, sommige van die detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n bevredigende teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is voldoende.	<u>5½-6</u> -Ondergemiddelde kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n onder – gemiddelde fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp. Betekenis is plek-plek vaag. -Inhoud en idees het leemtes in hul samehang; basiese detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n ondergemiddelde dog redelik, verstaanbare teks. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is ondergemiddeld. -Kritiese, nalatige foute is begaan.	<u>4-5</u> -Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon 'n swak/ beperkte fokus. -Inhoud wyk af van Onderwerp, betekenis is plek-plek verwarrend. -Inhoud en idees nie Samehangend nie. Min detail ondersteun onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging gebrekkig. Teks nie goed aangebied nie. -Kennis van die nodige reëls vir die formaat is vaag.	<u>0-3½</u> -Swak/Geen kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon baie swak/geen fokus. -Inhoud wyk af van onderwerp, betekenis is verwarrend. -Inhoud en idees nie samehangend nie, te min detail ondersteun die onderwerp. -Beplanning en/of eerste poging nie gedoen nie. Swak aanbieding van teks. -Geen kennis van die nodige reëls vir die formaat nie.
TAAI, STYL EN REDIGERING 7 PUNTE	<u>6-7</u> -Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne goed saamgestel. -Woordeskat is baie toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register baie toepaslik. -Teks feitlik foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>5-5½</u> -Teks is grammatikaal akkuraat. Sinne goed saamgestel. -Woordeskat is toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register meestal toepaslik. -Teks oorwegend foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>4½</u> -Teks is grammatikaal maklik om te lees. Sinne is goed saamgestel. -Woordeskat is meestal toepaslik vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register oor die algemeen toepaslik. -Teks meestal foutloos na proeflees en redigering. -Lengte is in ooreenstemming met vereistes.	<u>3½-4</u> -Teks is gemiddeld saamgestel ten spyte van foute. -Woordeskat is gemiddeld vir doel van teks, gehoor en konteks. -Styl, toon en register gemiddeld. -Teks het steeds foute na proeflees en redigering. -Lengte is amper korrek.	<u>3</u> -Teks is ondergemiddeld saamgestel. Verskeie foute. -Woordeskat is beperk en nie baie van pas vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register toon gebreke. -Teks het steeds baie foute na proeflees en redigering. -Lengte is te kort/ te lank.	<u>2½</u> -Teks is swak en moeilik om te volg. -Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel van teks, gehoor en konteks nie. -Styl, toon en register nie geskik vir onderwerp nie. -Teks is besaai met foute ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is te kort/te lank.	<u>0-2</u> -Teks is swak saamgestel en verwarrend. -Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie toepaslik vir doel van teks nie. -Styl, toon en register pas nie by onderwerp nie. -Teks is besaai met foute en verwarrend ten spyte van proeflees en redigering. -Lengte is heeltemal te kort/te lank.



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2013

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Langer transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste	(20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, 'n vloediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genummer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.
10. **LET WEL:** Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1

WONDERLIKE BURE

Julle bure het julle gehelp toe julle 'n probleem gehad het.

Skryf 'n opstel hieroor.

[50]

1.2

Jongmense het hulle eie kultuur



[Uit: <http://www.google.com>]


Jongmense het hulle eie idees oor **byvoorbeeld**:

- Kleredrag
- Musiek
- Kos
- Vriendskap

Skryf 'n **opstel** hieroor.

[50]

1.3

'n NAWEEK SONDER MY SELFOON[Uit: <http://www.google.com>]Skryf 'n **opstel** hieroor.**[50]**

1.4



Geweld in skole is wêreldwyd in die nuus. Ons hoor van:

- Dwelmgebruik
- Bendes
- Vuurwapens
- Boelies

Kan leerders in Suid-Afrikaanse skole veilig voel?

Skryf 'n **opstel** hieroor.**[50]**

1.5

Huiswerk! Huiswerk! Huiswerk!



[Uit: <http://www.google.com>]

Baie leerders sê dat hulle te veel huiswerk kry.

Stem jy saam met hierdie stelling?

Skryf 'n **opstel** hieroor.

[50]

1.6

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die *kern* van die prent aansluit.

1.6.1



[Uit: <http://www.google.com>]

[50]


1.6.2



[Uit: <http://www.google.com>]

[50]

1.6.3



[Uit: <http://www.google.com>]


[50]

TOTAAL AFDELING A:

50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF[Uit: <http://www.google.com>]

Jou maat in graad 10 moet tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid kies en hy/sy vra jou raad.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy vir hom/haar hieroor raad gee.

[30]**2.2 VERSLAG**

Jy het gesien hoe een van die graad 12-leerders oneerlik in die eksamenlokaal was.

Skryf 'n **verslag** aan die skoolhoof waarin jy verduidelik wat jy gesien het.

[30]**2.3 HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats is oorlede.

Skryf die **huldeblyk** wat jy by sy/haar begrafnis gaan voorlees, volledig uit.

[30]

2.4 **PAMFLET**

Só lyk die voorblad van 'n pamflet wat julle skool saamgestel het om 'n Idolskpetisie wat julle gaan aanbied, bekend te stel.



[Foto uit: <http://www.google.com>]

Jy moet die pamflet voltooi deur meer inligting oor die kompetisie te gee. Skryf ook die reëls van die kompetisie neer.

Gebruik die formaat hieronder om jou **pamflet** saam te stel.

ALGEMENE INLIGTING	REËLS

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORTER TEKS: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daarvoor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

3.1 DAGBOEKINSKRYWING

Jou ouers wou nie toelaat dat jy ná die eindeksamen saam met jou matriekmaats gaan vakansie hou nie.

Skryf in jou **dagboek** hoe jy oor jou ouers se besluit gevoel het.

[20]**3.2 ADVERTENSIE**

[Uit: <http://www.google.com>]

'n Tienertydskrif het jou gevra om 'n advertensie vir hierdie tekkies te ontwerp.

Ontwerp hierdie **advertensie**.

[20]

3.3 INSTRUKSIES

[Uit: <http://www.google.com>]

Jou broer gaan vir die eerste keer sy meisie se ouers ontmoet.

Skryf 8–10 wenke in die vorm van **instruksies** neer om jou broer te help sodat hy 'n goeie indruk by sy meisie se ouers skep.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100